# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
# AAN DIE RAAD

## Maandag 18 Junie 2018

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

# Inhoudsopgawe


1. Inleiding ..... 4
2. Verbreding van toegang ..... 5
   - 2.1 Nóg vyf nGAP-poste ..... 5
   - 2.2 Koshuisplasing ..... 5
   - 2.3 Hersiening van die Koshuisplasingsbeleid ..... 6
   - 2.4 Nagraadse inskrywings ..... 6
   - 2.5 Aansoeke vir inname 2019 ..... 8
   - 2.6 Finansiële bystand aan studente ..... 9
   - 2.7 Interne ouditondersoek na finansiële bystand ..... 12
   - 2.8 Bevordering van meertaligheid ..... 12
   - 2.9 US Taalsentrum ..... 13
   - 2.10 ‘Sentrum vir Voornemende Studente’ nou ‘Afdeling Studentetoegang’ ..... 13
   - 2.11 Studentewerwing ..... 14
   - 2.12 US Opedag ..... 14
   - 2.13 Bemarking deur elektroniese media ..... 15
   - 2.14 Studieloopbaanadvies ..... 15
   - 2.15 Kliëntedienste aan studente en die groter gemeenskap ..... 15
   - 2.16 Verbreding van toegang deur sport ..... 15
3. Behoud van momentum van uitnemendheid ..... 16
   - 3.1 Akademiese jaar 2017 ..... 16
   - 3.2 SciMathUS-gradesukses ..... 16
   - 3.3 Eerstejaarsprestasietoekennings ..... 16
   - 3.4 Verryking van leer en onderrig ..... 17
   - 3.5 Voorgestelde nuwe programme ..... 17
   - 3.6 Stellenbosse Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke ..... 17
   - 3.7 Gehalteverbeteringsprojek ..... 18
   - 3.8 Nuwe navorsingsleerstoele ..... 18
   - 3.9 US-kundiges ontvang toekennings ..... 18
   - 3.10 NSTF-toekennings ..... 19
   - 3.11 Nuwe bloedtoets vir TB ..... 19
   - 3.12 Nuwe vibrasiespektroskopiefasiliteit “wêreldklas” ..... 19
   - 3.13 Uitnemendheid in sport ..... 20
4. Bevordering van sosiale impak ..... 21
   - 4.1 Rektor-Burgemeester-forum ..... 21
   - 4.2 Ooreenkoms met Oudtshoorn-munisipaliteit ..... 22
   - 4.3 SA se eerste datasentrum vir demokrasie ..... 22
   - 4.4 LaunchLab Ideesprogram ..... 22
   - 4.5 Nalatenskapvieringskonsert ..... 22
   - 4.6 US Museum ..... 23
   - 4.7 Rekenaarskenking ..... 23
   - 4.8 MGD in vennootskap met ouetehuis ..... 23
5. Uitbreiding van internasionalisasie ..... 23
   - 5.1 25 jaar van internasionale betrekkinge ..... 23
   - 5.2 Stellenbosse Internasionale Akademiese Netwerk ..... 24
   - 5.3 Globale reikwydte ..... 24
   - 5.4 Klem op Afrika ..... 25
   - 5.5 Besoekende afvaardigings ..... 26
   - 5.6 Internasionalisasie deur sport ..... 26

6. Bevordering van sistemiese transformasie ..... 26
6.1 Visuele regstelling ..... 26
6.2 Nuwe koshuis na Nkosi Johnson vernoem ..... 27
6.3 Transformasiestrukture ..... 27
6.4 Imbizo365 strategiese skakelingskalender ..... 27
6.5 Afrikadag ..... 28
6.6 US neem standpunt in teen geslagsgebaseerde geweld ..... 29
6.7 Transformasie in sport ..... 29
7. Verbetering van sistemiese volhoubaarheid ..... 29
7.1 Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 ..... 29
7.2 Hersiening van die Statuut ..... 29
7.3 Hersiening van Beleid oor Onderrig en Leer ..... 30
7.4 Fakulteitvernuwingstrategie ..... 30
7.5 US Eeufeesprojek ..... 30
7.6 Kampussekuriteit ..... 32
7.7 Waterkrisis ..... 33
7.8 Nutsdiensbestuur ..... 34
7.9 Korporatiewe Kommunikasie ..... 34
7.10 Die US in die nuus (eksterne kommunikasie) ..... 39
7.11 Beleid oor sentrums, buro's en institute ..... 41
7.12 Hersiene proses vir risikoverslagdoening ..... 41
7.13 Vordering met POPI en PAIA ..... 41
7.14 Studente-inligtingstelsel ..... 41
7.15 Hersiening van die Studenteraad se Grondwet ..... 41
7.16 Program- en kwalifikasiesamestelling ('PQM') ..... 42
7.17 BTW-koersverhoging ..... 42
7.18 Intekening op vaktydskrifte ..... 42
8. Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek ..... 43
8.1 Ingenieurswesekompleks ..... 43
8.2 Bellvilleparkkampus ..... 43
8.3 Jan Mouton Leersentrum ..... 43
8.4 Biblioteekopknapping ..... 43
9. Slot ..... 44
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE ..... 45
Meningsartikels (21 Februarie tot 18 Mei 2018) ..... 45
Rubrieke (21 Februarie tot 18 Mei 2018) ..... 48

## 1. Inleiding

Ons is nou halfpad deur die Universiteit Stellenbosch (US) se **Eeufeesjaar**. Hierdie mylpaal is in die eerste helfte van die jaar met ’n aantal geleenthede gevier, waaronder ’n galadinee in aanloop tot ons amptelike verjaardag op 2 April, verskeie Tuiskomsgeleenthede,’n optog deur die dorp en ’n konsert. Die US het ook vanjaar meer as die gewone getal eredoktorsgrade aan van die voorste denkleiers van ons tyd toegeken. Daarbenewens het die Universiteit vir sy Eeufeesjaar tot dusver **reeds groot prestasies** behaal, soos om toppresteerders uit die Suid-Afrikaanse skoolstelsel te werf, weer ’n rekordgetal kwalifikasies toe te ken (altesaam 9 046, wat 1 623 magistergrade en 305 doktorsgrade insluit) en boonop die Varsitybeker te wen.

As bewaarders van die US-nalatenskap bly ons terselfdertyd rats in ons reaksie op verskillende **eksterne uitdagings**. Dit sluit in die volgende elemente wat in meerdere of mindere mate in Suid-Afrika voorkom: ’n adolessente demokrasie, ’n stagnante ekonomie, teen-intellektuele neigings, hoë vlakke van geweld (sowel strafregtelik as polities), stygende vlakke van ongelykheid, ’n hoë migrasiekoers van mense en toenemende verbruik van skaars hulpbronne. Die US-span pas verantwoordelike bestuur toe met kwessies soos die presidensiële aankondiging van fooivrye hoër onderwys vir studente uit huishoudings wat minder as R350 000 per jaar verdien, en alles wat daarmee saamgaan, sowel as die BTW-styging tot 15%. Ons behoort ons altyd te laat lei deur die beginsels in die King IV-verslag oor korporatiewe oorsigbestuur. Dié verslag beklemtoon die behoefte aan goeie oorsigbestuur, etiese leierskap en deursigtigheid as teenvoeter vir die wydverspreide korrupsie wat ons in die openbare sowel as die privaat sektor in Suid-Afrika beleef.

In die tweede helfte van 2018 sal ons vinnig beweeg op ’n aantal gebiede, eerstens om ’n **nuwe visie en strategiese raamwerk** te aanvaar om die Universiteit vir die toekoms te posisioneer. Die Universiteit se reis is die afgelope vyf jaar deur die *US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* en die gepaardgaande *Visie 2030* gerig. Hierdie waardevolle roetekaart verstryk vanjaar. Die Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, prof Hester Klopper, staan geruime tyd reeds bekwaam aan die stuur van die proses om ’n nuwe visie en strategie te ontwikkel. Ek bedank graag elkeen vir hulle bydraes tot dusver. Die volgende stap is om die nuwe raamwerkdokument vir goedkeuring by die Raad in te dien, waarna alle universiteitsomgewings hulle daarby sal aanpas. Nóg ’n proses wat nou goed vaart kry, is werk aan ’n **nuwe Statuut** vir die Universiteit. ’n Eerste konsep is vir kommentaar versprei en die finale weergawe behoort teen die einde van die jaar voor die Raad te dien. Die proses word deur die Registrateur, dr Ronel Retief, gelei.

Laastens is opwinding aan die oplaai oor nuwe, ontluikende inisiatiewe wat die US verdere vordering sal laat maak. Dít sluit in die verkenning van die voorgestelde **skool vir datawetenskap en berekeningsdenke**, welke proses onder leiding van die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Eugene Cloete, staan, sowel as omvangryke voorbereiding vir die lewering van die **modus 2**-kurrikulum, waaroor die Viserektor: Leer en Onderrig, prof Arnold Schoonwinkel, toesig hou.

So, namate ons die US se tweede eeu betree, het ons baie om voor dankbaar te wees. Ons is trots op ons prestasies, terdeë bewus van ons uitdagings, en gereed om saam vorentoe te beweeg.

Soos gewoonlik kry ’n viserektor weer geleentheid om ’n volledige jaarverslag aan die Raad voor te lê. Hierdie keer is prof Nico Koopman, **Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel** (SITP), aan die beurt. Ek lig daarom slegs ’n paar ontwikkelings in sy verantwoordelikheidsentrum (VS) in my oorsigtelike bestuursverslag uit. Vir meer besonderhede, raadpleeg gerus prof Koopman se verslag.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **21 Februarie** (VS-sperdatum vir die vorige Raadsvergadering van 26 Maart) **tot 18 Mei 2018** (sperdatum vir die vergadering van 18 Junie), met ’n paar uitsonderings om vir belangrike ontwikkelings buite hierdie tydperk (tot en met my sperdatum van **1 Junie**) voorsiening te maak. Ek verwelkom hierdie geleentheid om met kollegas in die Raad in gesprek te tree.

## 2. Verbreding van toegang

Die verbreding van toegang is een van drie oorhoofse strategiese prioriteite in die US se *Institusionele Voorneme en Strategie (IVS) 2013–2018*. Dit hou spesifiek verband met die eerste aspek van ons Visie 2030 – om meer inklusief te word. En in die US se *Institusionele Plan (IP) 2018–2023* word die verbreding van toegang verder uitgepak as een van sewe institusionele strategieë. Daar word genoem dat ons dit nastreef deur, onder meer, die diversiteitsprofiel van ons personeel- en studentekorps te verhoog.

### 2.1 Nóg vyf nGAP-poste

In die vierde inname van die program vir ’n nuwe generasie akademici (nGAP) in Maart het die US vyf poste in die departemente Agronomie, Siviele Ingenieurswese, Rekenaarwetenskap, Genetika en Geneeskundige Virologie ontvang. Dít bring die US se **totale getal nGAP-poste op 17** te staan.

nGAP is ’n staatsinisiatief wat beoog om die akademiese personeelkorps aan Suid-Afrikaanse universiteite te diversifiseer. Die klem val op die aanstelling van bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA) sowel as vroue-akademici. Jong akademici word as deel van ’n ses jaar lange program gewerf om universiteite met hulle personeel- en ontwikkelingstrategieë te ondersteun. Die volgende US-departemente het voorheen nGAP-aanstellings ontvang: Landbou-ekonomie, Toegepaste Wiskunde, Privaatreg, Anatomie en Histologie, Ekonomie, Wiskundige Wetenskappe, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Maatskaplike Werk, Kurrikulumstudie, Voedselwetenskap, Bedryfsingenieurswese, en Radiobiologie.

### 2.2 Koshuisplasing

Die Koshuisplasingsbeleid het ’n groot rol vervul om die profiel van koshuisstudente te transformeer.

- Ongeveer **50%** van alle studente wat in Universiteitshuisvesting tuisgaan, is bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-studente.
- Wat senior huisvesting (LLL-huise en senior koshuise) op Stellenboschkampus betref, bestaan **85%** van die studenteprofiel uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-studente.
- In voorgraadse koshuise op Stellenboschkampus is die verhouding van wit tot BSIA-verteenwoordiging onder vroue byna **50:50**, terwyl BSIA-verteenwoordiging in manskoshuise op **35%** staan. Hierdie verskil is weens ’n onvoldoende getal BSIA-mans in die aansoekerpoel vir koshuisplasing: Hoewel daar min of meer ewe veel koshuisplek vir mans en vroue beskikbaar is, bestaan sowat twee derdes van die aansoekerpoel uit vroue.
- Byna **70%** van koshuisstudente op Tygerbergkampus kom uit die BSIA-groepe.

| Tipe huisvesting | Wit | % | Bruin | Swart Afrikaan | Indiër & Asiër | Totaal BSIA | % | Totale plasings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **HK-huise (PSO-leiers)** | 60 | 63% | 22 | 12 | 1 | 35 | 37% | 95 |
| **LLL-huise** | 30 | 16% | 58 | 89 | 10 | 157 | 84% | 187 |
| **Senior koshuise (S’bosch)** | 86 | 14% | 239 | 248 | 21 | 508 | 86% | 594 |
| **Voorgraads mans (S’bosch)** | 1 659 | 65% | 414 | 401 | 65 | 895 | 35% | 2 554 |
| **Voorgraads vroue (S’bosch)** | 1 578 | 54% | 695 | 524 | 96 | 1331 | 46% | 2 909 |
| **Tygerberg junior (1ste- tot 3dejaars)** | 250 | 39% | 150 | 223 | 21 | 399 | 61% | 649 |
| **Tygerberg senior (4de- tot 6dejaars)** | 197 | 28% | 202 | 258 | 43 | 503 | 72% | 700 |
| **Maties Sport** | 58 | 60% | 27 | 12 | 0 | 39 | 40% | 97 |
| **Totale profiel** | **3 918** | **50%** | **1 807** | **1 767** | **257** | **3 867** | **50%** | **7 785** |

*Tabel 1: Koshuisplasing aan die Universiteit Stellenbosch*

- Let wel, die syfers hierbo sluit internasionale plasings uit (ongeveer 180 plekke).
- Ook is een van die koshuise op Tygerbergkampus 'n hibriedmodel wat alle studiejare huisves. Die meeste van die studente is in die senior fase, en dus word die koshuis as 'n senior koshuis geklassifiseer.
- En Maties Sport plaas studente in Huis Neethling.

## 2.3 Hersiening van die Koshuisplasingsbeleid

Die Raad het die huidige Beleid vir Plasing in Koshuise en Luister-, Leer- en Leefhuise, asook Indeling by PSO-wyke en Klusters (algemeen bekend as die Koshuisplasingsbeleid) in 2013 goedgekeur met die verstandhouding dat dit **ná vyf jaar hersien** sou word. Daarom is 'n **taakgroep** onlangs vir hierdie doel tot stand gebring.


Die nuwe Toelatingsbeleid, wat die Raad in Februarie 2017 goedgekeur het, sowel as die president se aankondiging van Desember 2017 oor gratis onderrig vir studente wie se ouers minder as R350 000 per jaar in bruto inkomste verdien, sal na verwagting die hersiening van die Koshuisplasingsbeleid beïnvloed. In die lig hiervan behoort die volgende sake aandag te ontvang:


- Versoening met US-beleidsomgewing
- Versoening met US-doelwitte wat gelykheid en regstelling betref
- Versoening met US-doelwitte wat uitnemendheid, diversiteit en transformasie betref
- Oorweging van implikasies van nasionale beleide en bestuursraamwerke
- Hersiening van huidige US-diversiteitsfaktore wat in verskeie ander institusionele beleide gebruik word

## 2.4 Nagraadse inskrywings

Nagraadse (NG) inskrywings by die afhandeling van die registrasietydperk vir nuwe magister- en doktorale studente vir 2018 (29 Maart) word hieronder saamgevat (klik hier vir volledige verslag).

### 2.4.1 Nagraadse inskrywings volgens kwalifikasietipe









- Totale nagraadse inskrywings het **met 1,3%** toegeneem – van 10 060 in 2017 tot 10 186 in 2018.
- Hierdie groei was hoofsaaklik weens 'n toename van 3% in onderskeidelik die getal nagraadse diploma-/sertifikaat- en doktorale inskrywings.[1]

[1] "NG Bacc" verwys na die nagraadse LLB-baccalaureusprogram (Fakulteit Regsgeleerdheid)


## 2.4.2 Nagraadse inskrywings volgens nasionaliteit









- Suid-Afrikaanse nagraadse inskrywings het van 2017 tot 2018 **met 1,5% toegeneem**, sonder enige toename in internasionale inskrywings.

### 2.4.2.1 Inskrywings volgens kwalifikasietipe en nasionaliteit





## 2.4.3 Inskrywings deur Suid-Afrikaanse nagraadse studente volgens bevolkingsgroep









- Die hoogste groeikoers van 2017 tot 2018 was onder swart Afrikaanstudente (**13%**).
- Die getal wit studente het van 2017 tot 2018 met 3,6% afgeneem.

### 2.4.3.1 Inskrywings deur Suid-Afrikaanse nagraadse studente volgens bevolkingsgroep[2] en kwalifikasietipe




## 2.4.4 Nagraadse inskrywings volgens gender




- Vroue-inskrywings het van 2017 tot 2018 met **4% toegeneem**, terwyl mansinskrywings met bykans 2% afgeneem het. Gevolglik het die persentasie vroue-inskrywings van 52% in 2017 tot **53,4%** in 2018 toegeneem.
- Vrouestudente het die meerderheid inskrywings (sowat **60%**) in die nagraadse diploma-/sertifikaat-, nagraadse baccalaureus- en honneursprogramme uitgemaak.
- Inskrywings in die magisterprogramme was eweredig tussen die genders versprei.
- Manstudente het die meerderheid (**52,5%**) in doktorale programme uitgemaak.

## 2.5 Aansoeke vir inname 2019

Voorgraadse aansoeke met die oog op 2019 het op 1 Maart 2018 geopen. Teen die einde van April is min of meer **ewe veel aansoeke** as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige aansoekjaar ontvang. Die getal volledige aansoeke deur bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)studente het met 15% toegeneem, terwyl dié deur wit aansoekers met 8% gedaal het. Nietemin, hoewel ’n beduidende getal BSIA-aansoekers, veral swart Afrikaan-aansoekers, daarin belang stel om op Stellenbosch te studeer, het baie versuim om volledige aansoeke in te dien. Die Afdeling vir Studentetoegang sal kragte saamsnoer met fakulteite om werk te maak van onvolledige aansoeke deur toppresteerders om sodoende die aansoekerpoel uit te brei. Aansoekers van skole in kwintiel 1 tot 3 is vrygestel van die aansoekfooi van R100 – nóg ’n maatreël wat ingestel is om toegang te verbreed.

[2] “Ander” in die figuur verwys na Asiërstudente sowel as diegene wat nie hulle bevolkingsgroep bekend gemaak het nie.

| | Aansoekjaar 2017 | | | | Aansoekjaar 2018 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bevolkingsgroep** | **Vol-ledig** | **Wag op dokumente** | **Onvol-ledig** | **To-taal** | **Vol-ledig** | **Wag op dokumente** | **Onvol-ledig** | **To-taal** |
| Asiër | 59 | 38 | 44 | 141 | 61 | 33 | 46 | 140 |
| Swart Afrikaan | 1 011 | 3 127 | 3 667 | 7 805 | 1 230 | 3 219 | 4 335 | 8 784 |
| Bruin | 706 | 707 | 839 | 2 252 | 770 | 836 | 1 039 | 2 645 |
| Indiër | 320 | 238 | 262 | 820 | 355 | 299 | 275 | 929 |
| **BSIA totaal** | **2 096** | **4 110** | **4 812** | **11 018** | **2 416** | **4 387** | **5 695** | **12 498** |
| **Wit** | **4 175** | **1 227** | **1 302** | **6 704** | **3 852** | **1 204** | **1 288** | **6 344** |
| **Ander** | **79** | **38** | **62** | **179** | **96** | **61** | **89** | **246** |
| **Groottotaal** | **6 350** | **5 375** | **6 176** | **17 901** | **6 364** | **5 652** | **7 072** | **19 088** |

*Tabel 2: Aansoeke teen die einde van April 2018 (teenoor April 2017)*

## 2.6 Finansiële bystand aan studente

### 2.6.1 Voorgraadse studente

Die **taakgroep** wat opdrag ontvang het om die huidige institusionele studentefinansieringsmodel te hersien, het in die eerste maande van 2018 hulle werk voltooi en op onderskeidelik 16 en 27 Maart ’n **aanbevelingsverslag** vir oorweging en kommentaar by die Komitee vir Beurse en Lenings (KBL) en die Rektoraat ingedien. Die verslag, met inbegrip van bykomende kommentaar en aanbevelings, het teruggegaan na die KBL en ook voor die Akademiese Beplanningskomitee gedien. By die skryf van hierdie Raadsverslag sou dit op 1 Junie vir finale goedkeuring aan die **Senaat** voorgelê word.

Die hersiening van die model het ook ’n geleentheid geskep om ondersoek in te stel na die huidige bedryfsprosesse met betrekking tot begrotingstoekennings per bestedingskategorie, uitbetaling- en rekordhoudingsmeganismes, die vermoë en vaardighede om bedrywighede te ondersteun, sowel as die doelmatigheid en doeltreffendheid van IT-stelselsteun. Die taakgroep se waarnemings en aanbevelings oor die vereiste vermoëns om insiggedrewe bedrywighede in die beurse- en leningsomgewing moontlik te maak en te ondersteun, sal deel uitmaak van ’n omvattende projek vir die herontwerp van bedryfsprosesse waarmee die KBL binnekort sal begin. Dit sal gelyk loop met en aansluit by die institusionele IT-stelselvernuwingsprojek.

### 2.6.2 Impak van die nuwe DHOO-beurse

Ingevolge die presidensiële aankondiging oor ten volle gesubsidieerde gratis onderrig vir alle nuwelingstudente uit gesinne met ’n huishoudelike inkomste van tot R350 000 per jaar, het 642 van ons eerstejaars finansiering van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) ontvang.

Die Sentrum vir Beurse en Lenings het ’n instapproses bestuur waardeur ’n bykomende 400 studente vir die ten volle gesubsidieerde NSFAS-staatstoelaag in aanmerking gekom het. NSFAS het landwyd 28 000 bykomende aansoeke ontvang – veel meer as wat hulle verwag het – wat kommer wek oor finansiële volhoubaarheid. Tot dusver word 84 van die 400 studente in hierdie groep (wat as “kanaal 2-studente” bekend is) deur NSFAS gefinansier.

Steun vir albei groepe – studente wat aansoek gedoen het sowel as instappers – bestaan uit volkostebeurse wat klasgeld, huisvesting, etes en boeke dek. Die totale beursbedrag wat aan hierdie

studente uitbetaal sal word, word op **R64,2 miljoen** vir hulle eerste studiejaar geraam. Die beurse sal in daaropvolgende jare voortgesit word, mits studente minstens 50% van hulle modules in elke akademiese jaar slaag en hulle graadprogramme binne die minimum tydsduur plus een bykomende jaar voltooi.

Vergeleke met syfers van 2017 het die DHOO-beurse 'n **aansienlike toename** bewerkstellig in die getal arm studente wat finansiële bystand ontvang, sowel as in die grootte van die toekennings. Slegs 332 van ons nuwelingstudente in finansiële nood het in 2017 vir finansiële bystand (beurslenings) van NSFAS in aanmerking gekom, wat op 'n totaal van R19,3 miljoen te staan gekom het.

### 2.6.3 Uitbetalings Januarie tot Mei 2018

| Finansieringskategorieë | Beurse | Lenings | Groottotaal |
|---|---|---|---|
| **1: Institusioneel** | R106,4 m | R11,52 m | R117,91 m |
| Merietebeurse * | R31,67 m | R0 m | R31,67 m |
| Bystandsfinansiering | R0,12 m | R5,52 m | R5,64 m |
| Werwingsbeurse ** | R71,01 m | R6 m | R77,06 m |
| Sportbeurse | R3,55 m | R0 m | R3,55 m |
| **2: Intern** | R3,16 m | R2,03 m | R5,19 m |
| Erflatings en skenkings | R3,37 m | R0,52 m | R3,89 m |
| **3: Ekstern** | R70,56 m | R9,29 m | R79,85 m |
| Maatskappye, skenkings en trusts | R54,98 m | R0 m | R54,98 m |
| Departementele US-finansiering | R7,88 m | R0 m | R7,88 m |
| NSFAS | R8,59 m | R11,31 m | R19,90 m |
| Statutêre finansiering | R23,11 m | R0 m | R23,11 m |
| **Groottotaal** | R204,32 m | R23,34 m | R227,67 m |

*Tabel 3: Werklike uitbetalings tot op hede per beurskategorie*

* Altesaam 967 eerstejaarmerietebeurse en 1 325 senior merietebeurse is toegeken. Die getal kandidate wat vir senior merietebeurse in aanmerking gekom het, het sedert verlede jaar (2017) met 15% toegeneem.

** Werwingsbeurse is aan **1 484 studente** uitbetaal. Altesaam 235 van hierdie studente is deur die DHOO gefinansier, wat op 'n potensiële omskakeling van institusionele finansiering ter waarde van R11 miljoen te staan kom. 'n Voorwaardelike aanbod van 'n werwingslening is aan 252 studente gemaak en 25 van hierdie aanbiedinge is in DHOO-beurse omgeskakel, wat op R1 miljoen te staan kom.

### 2.6.4 ISFAP-finansieringsmodel vir die ontbrekende middel

Hoewel 230 volkostetoelaes aanvanklik opsygesit is vir kwalifiserende US-eerstejaars in die "ontbrekende middel"-inkomstekategorie in sekere fakulteite en programme, het die Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP) dié getal eensydig **tot 120 verminder** weens 'n tekort aan voldoende finansiering. Die getal **studieprogramme** wat by hierdie finansieringsmodel ingesluit is, is **ook verminder**. Tot dusver is ongeveer 112 toelaes aan US-studente toegeken, net-net minder as die totaal van 120. Die programme wat tans deel uitmaak van die model is MBChB (36 toelaes), BRek (33 toelaes) en BIng (43 toelaes).

### 2.6.5 Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS)

**NSFAS-staking:** NSFAS-werknemers het aan die begin van die jaar gestaak, wat die skema se kernbedrywighede geraak het, veral die kontaksentrum en diensspanne. NSFAS het instellings ook in kennis gestel dat hulle beplanning agtergeraak het en dat dít die uitbetaling van toelaes sou vertraag. Tog het die skema in Januarie en Maart vooruitbetalings aan instellings gemaak om druk op universiteite se kontantvloei te verlig.

**Rekonsiliasieproses vir betalings en NSFAS-afsluiting 2016/17:** NSFAS het landwyd probleme ervaar om instellings se uitstaande eise vir die boekjaar 2016/17 te verwerk. Hoewel ’n NSFAS-diensspan tans alle institusionele sentrums vir voorgraadse finansiële bystand met die afsluiting vir 2016/17 help, is vordering met die skep van agterstallige leningsooreenkomsvorms (“LAF’s”)/bylaes van besonderhede (“SOP’s”) en betalings aan die Universiteit onbevredigend. Altesaam 860 studente word hierdeur geraak en **meer as R44,3 miljoen van 2017 is steeds uitstaande**. Dít is amptelik by die DHOO aangemeld, en sal op ’n nasionale vlak met NSFAS hanteer word. Hierdie ongelukkige toedrag van sake het ’n swaar las geplaas op die US se begroting vir beurse en lenings van 2017, wat tot en met finale afsluiting die koste van uitstaande NSFAS-uitbetalings moet dra.

**Getal aansoeke verwerk vir 2018:** NSFAS het alle instellings versoek om die registrasiedata en -resultate in te dien van alle aansoekers wat vir NSFAS-finansiering in aanmerking kom. Ons Sentrum vir Beurse en Lenings het data vir 2 558 studente met die oog op 2018 ingedien. Tog het NSFAS nog geen LAF’s/SOP’s vir hierdie studente geskep nie, en ons FBK gaan voort om in dié verband met NSFAS te skakel.

**Terugvoer van die Portefeuljekomitee:** Me Christelle Feyt, Senior Direkteur: Studentetoegang, en mnr Arrie Hanekom, Hoof van ons Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings, het die US op 29 Mei by ’n vergadering van die Portefeuljekomitee vir Hoër Onderwys en Opleiding verteenwoordig. Die student-gesentreerde finansiële model, en spesifiek die uitdagings rakende uitstaande toelaes wat aan finansieel behoeftige studente betaal moet word, is bespreek. ’n Vorderingsverslag is deur die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) gelewer.

Die volgende verkose belanghebbendes het die geleentheid gekry om daarop te reageer: die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), Universiteite Suid-Afrika (USAf), die Suid-Afrikaanse Kollegehoofde-organisasie (SAPO), die Suid-Afrikaanse Studente-unie (SAUS), asook die Suid-Afrikaanse Studentevereniging vir Verdere Onderwys en Opleiding (SAFETSA). Al die belanghebbendes het dit duidelik gemaak dat hulle ontevrede was met die vertragings in uitbetalings, die onvoldoende integrasie van datastelle, en ’n gebrek aan kapasiteit by NSFAS om die sentrale model te bestuur.

Die DHOO het die vergadering ingelig oor die uitdagings in verband met die toedeling van voorbetalings aan universiteite in die 2017/2018-siklus (215 US-studente se toelaes vir 2017 is nog nie gefinaliseer nie, met ’n uitstaande bedrag van R14,4 miljoen deur NSFAS); die nuwe befondsingsmodel wat as student-gesentreerde model misluk het; en uitdagings rakende uitstaande toelaes. Die DHOO en die minister van Hoër Onderwys en Opleiding het hulle verbind tot die uitvoer van ’n omvattende evaluering van alle NSFAS-prosesse, -prosedures en -stelsels teen Junie 2018, ten einde verdere wanbestuur in die 2019-siklus te verhoed.

Die NSFAS het bevestig dat daar slegs 30% van die uitbetalings vir die 2018-boekjaar se voorbetalings aan universiteite en tegniese en beroepsgerigte opleidingskolleges (TVET-kolleges) gemaak is. Die situasie stel wesenlike kontantvloei-uitdagings aan die hoëronderwyssektor, aangesien universiteite en kolleges vir die onbetaalde NSFAS-befondsing moet instaan.

Die USAf stel die volgende oplossing wat twee fases behels, voor:

- die opklaring van alle uitstaande finansiële verpligtinge rakende die 2017-uitbetalings en van sleutelknelpunte in die NSFAS-sakemodel; en
- die gesamentlike herontwerp van die finansiële stelsel vir studente in die geheel.

Die voorsitter van die Portefeuljekomitee dui aan dat gereelde terugvoervergaderings gehou sal word om die situasie te monitor en te evalueer.

**Nasionale standaarde vir toelaes:** Studentetoelaes vir etes, boeke, privaat huisvesting en reiskoste wissel tussen instellings. Hierdie verskille veroorsaak onbillike praktyke. Terwyl sommige instellings in 2017 byvoorbeeld ’n kostoelaag van net R5 000 aan slegs finalejaarstudente uitbetaal het, het die kostoelaag aan die US altesaam R15 000 per student bedra. NSFAS stel tans die volgende standaarde vir toelaes vir alle NSFAS-studente in:

| Toelaagkategorie | Bedrag |
|---|---|
| Boeke | R5 000 |
| Etes | R13 500 |
| Reiskoste | R9 500<br>(slegs vir studente wat nie in ’n universiteitskoshuis of geakkrediteerde huisvesting woon nie) |
| Privaat huisvesting | Gemiddelde koste van ’n universiteitskoshuis |

*Tabel 4: Nasionale standaarde vir toelaes*

### 2.6.6 Program vir finansiële lewensvaardighede

Die Sentrum vir Beurse en Lenings in samewerking met ABSA beproef vanjaar ’n reeks werksessies oor finansiële geletterdheid wat vir alle ontvangers van US-beurslenings aangebied word. Die doel is om studente se vaardighede te slyp en hulle touwys te maak oor **hoe om hul beursgeld te bestuur** en **by ’n begroting te hou**. Altesaam 270 studente het die eerste werksessie van 23 tot 25 Mei bygewoon. Die werksessies sal binnekort uitgebrei word om studente vir die werkplek toe te rus deur hulle onder meer waardevolle wenke en instrumente vir CV-skryf en voorbereiding vir ’n formele onderhoud te bied.

## 2.7 Interne ouditondersoek na finansiële bystand

Deloitte het laat verlede jaar ’n formele interne ouditondersoek na die beurs- en leningsprosesse vir die tydperk 1 Maart tot 30 Junie 2017 onderneem. Die ondersoek het verskeie matige risiko’s en twee beduidende risiko’s in verband met beleidsdokumente aan die lig gebring. Die Oudit- en Risikokomitee sal die finale ouditverslag op 24 Mei 2018 bespreek. Die Sentrum vir Beurse en Lenings het aangedui dat sekere **kernkontroles en -aksieplanne** ingestel sal word om die geïdentifiseerde risiko’s te hanteer en te beperk, en die algehele kontrole-omgewing te verbeter.

## 2.8 Bevordering van meertaligheid

Die US se meertaligheid is ’n onderskeidende faktor in die hoëronderwyssektor. Ons wil ook hê dat dit ’n **kenmerk van ons afgestudeerdes** moet wees. Dit sou in lyn wees met die belangrikheid daarvan om taal te benut as ’n manier om toegang te verbreed ten einde sukses te verseker, met die klem op maatskaplike impak.

Voorheen was die enigste beskikbare taalverwerwingsgeleenthede óf formele taalkwalifikasies óf kursusse in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en dié vir ons internasionale studente. Nou het die Taalsentrum ’n **Taalleernaaf** op die been gebring wat steun bied aan plaaslike studente wat ’n nuwe taal wil aanleer.

Die laaste paar maande het die Taalleernaaf saam met studentesteuneenhede gewerk om bekostigbare en toeganklike kursusse vir Afrikaans en isiXhosa te ontwikkel. Die doel is om deelnemers op ’n vlak te bring waar hulle ’n bykomende taal funksioneel op kampus kan gebruik. Dit behoort waardering vir die waarde van meertaligheid te bevorder.

## 2.9 US Taalsentrum

Die **Skryflaboratorium** van die US Taalsentrum het aan die begin van 2018 navorsingskryfwerksessies vir akademici by ander tersiêre instellings in Suid-Afrika en die res van Afrika aangebied deur middel van die Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys en die Afrika Doktorale Akademie. Die fasiliteit werk ook daaraan om sy bestaande Skype-konsultasieaanbod uit te brei om meer afstandsleerstudente te bereik, onder meer dié in ander lande.

Die **Skryflaboratorium** het tussen Januarie en April altesaam 22 nagraadse skryfwerksessies vir 428 studente van ses fakulteite aangebied (AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Ingenieurswese, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe). Daarbenewens het die fasiliteit 1 126 konsultasies voorsien, hoofsaaklik aan studente van Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Natuurwetenskappe.

Kortkursusse vervul ’n kernrol in die beroepsontwikkeling van Suid-Afrikaanse werksoekers en diegene wat reeds die arbeidsmark betree het. Hierdie kursusse is meestal bekostigbaar en bied mense ’n geleentheid om vaardighede op te doen, te verbeter of te diversifiseer. Buiten die aanbieding van kredietdraende kursusse vir internasionale studente aan die US, het die personeellede van die Taalsentrum se Intensiewe Engels-program vanjaar hulle portefeulje uitgebrei om ook **kortkursusse** vir eksterne kliënte in te sluit. Hulle smee ook vennootskappe met maatskappye, skole en instellings wat hulle taalvaardighede wil formaliseer. Hierdie nuwe projekte het nie net ’n opvoedkundige impak nie, maar ook ’n positiewe sosiale impak op deelnemers.

Die kursus in die onderrig van Engels as ’n vreemde taal (“TEFL”), wat nou ook as ’n kortkursus aangebied word, blyk gewild te wees en deelnemers kom dikwels van ander dele van die land om dit by te woon.

In Maart 2018 is die eerste kortkursus in die Intensiewe Engels-program vir personeellede van die Confucius-instituut aan die US aangebied. Die kursus is spesiaal ontwerp om niemoedertaalsprekers van Engels met die nodige praat- en skryfvaardighede toe te rus om gesprekke en kommunikasie met Engelsmoedertaalsprekers moontlik te maak en te handhaaf, en is goed ontvang. Die kursus was daarop toegespits om konsepte van tweedetaalverwerwing en tweedetaalonderrigmetodologie bekend te stel – onderwerpe wat die Confucius-opvoeders nog nie voorheen in hulle studie behandel het nie.

Die **Leeslaboratorium** het tussen Februarie en April meer as 2 300 registrasies vir Labonline ontvang in die fakulteite Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Regsgeleerdheid, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Twee nuwe versoeke vir leessteun is ook ontvang – van die departemente Inligtingstelsels en Bedryfsielkunde.

Die Leeslaboratorium het ook sy aanbod uitgebrei om kortkursusse in te sluit, wat heelwat belangstelling intern sowel as ekstern gelok het. Daarbenewens het die US se projekbestuurder vir ISFAP, Beverley Fanella, die Leeslaboratorium genader om ’n lees- en studiesteunprogram vir ISFAP-beursstudente te ontwikkel. Die doel van hierdie program is om ISFAP-begunstigdes die nodige lees- en studiesteun te bied om binne die voorgeskrewe tydraamwerk akademiese sukses te behaal. Die kortkursusprogram gebruik ’n gemengdeleerbenadering en sluit Labonline, werksessies, aanlyn modules sowel as kleingroep- en individuele kontaksessies vir hoërisikostudente in.

## 2.10 ‘Sentrum vir Voornemende Studente’ nou ‘Afdeling Studentetoegang’

Ná ’n aanbeveling deur ’n eksterne evalueringspaneel wat ’n meer gepaste naam vir die Sentrum vir Voornemende Studente moes oorweeg wat sy volledige diensaanbod weerspieël, het die bestuurspan van die Sentrum voorgestel dat die naam na Afdeling Studentetoegang verander word. Dít strook ook met die strategiese fokusgebied “Studentetoegang met sukses”, wat in die

omgewingsplan van die verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig vervat is. Die Afdeling bestaan uit die sentrums vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, Toelating en Koshuisplasing, Voorgraadse Beurse en Lenings, en die Kontak- en Kliëntedienssentrum, wat sowel voornemende as huidige studente bedien. Die Rektoraat het die naamsverandering op 27 Maart goedgekeur.

## 2.11 Studentewerwing

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het oor die afgelope vier maande uitgereik na gemeenskappe in die **Wes-Kaap**, maar ook in die **Suid-Kaap**, **Gauteng**, **KwaZulu-Natal**, die **Oos-Kaap** en die **Vrystaat**, deur aanbiedings by skole en deelname aan studieloopbaanskoue.

Met ’n gelyktydige klem op die werwing van diversiteitskandidate én akademies uitnemende studente vir die US, het die Sentrum **200 hoëprioriteitskole** uitgewys by wie die werwingspan besoek moes aflê of wat vir kampusbesoeke genooi moes word.

Bestaande **voederskole**, wat op grond van aansoek- en registrasiedata geïdentifiseer word, word ook gereeld besoek om toe te sien dat hulle lojaal bly teenoor die US.

**Skoolhoofde en onderwysers** van hoofsaaklik swart en bruin skole is ook op 5 Maart na ’n ontbytinligtingsessie op Stellenbosch genooi om sterker vennootskappe te smee. Die skoolskakelingspan het ook kragte saamgesnoer met US-afdelings wat intervensies vir leerders en opvoeders aanbied.

## 2.12 US Opedag

Die jaarlikse Opedag bied die Universiteit ’n geleentheid om skole, onderwysers, ouers en voornemende studente te bereik, met ’n bepaalde klem op graad 12’s om aansoeke vir die volgende inname aan te moedig.

Vanjaar se Opedag op **24 Februarie** het by die Eeufeestema aangesluit met bedrywighede onder die temas van “leer” (fakulteitsdeelname), “groei” (tentoonstelling van ko-kurrikulêre aktiwiteite en steun, sport, kultuur en studente se lewenservaring) en “saam vorentoe beweeg” (die bou en versterking van interne en eksterne vennootskappe, en die skep van geleenthede vir voornemende studente om deel te word van ’n diverse universiteitsgemeenskap).




Meer as 6 000 leerders het by die inligtingstent geregistreer. ’n Elektroniese kliëntetevredenheidsopname is gestuur aan alle studente wat vooraf geregistreer het en 968 reaksies is vasgelê. Meer as 95% van die respondente het die geleentheid as nuttig en sinvol ervaar.

## 2.13 Bemarking deur elektroniese media

Die Sentrum vir Studentewerwing gaan innoverend te werk om talent vir die US te werf. Dít sluit in die gebruik van **digitale platforms** soos Facebook (wat nagenoeg 13 miljoen gebruikers in Suid-Afrika het), Twitter en Instagram om die Universiteit te bevorder en belangrike inligting aan voornemende studente oor te dra. Die "Future Maties"-blad op Facebook het meer as 20 000 volgelinge en 'n geskatte reikwydte van meer as 241 000, en het 2 287 bladbesigtigings ontvang en tot 27 043 opvolgaksies gelei.

Video-inhoud trek die meeste aandag in ons teikenmark. Die gewildste video's was dié wat die Opedag bemark het (8 562 besigtigings), #helloMaties (6 115 besigtigings), 'n verwelkomingsboodskap deur prof Thuli Madonsela (3 324 besigtigings), en ons studente-ervaringsvideo's (3 600 besigtigings) waarin huidige studente (Leonie Kokaan, Ro-Eagan Petersen en Andile Mkandla) voornemende studente van hulle Matieverhale vertel.

Die webtuiste (www.maties.com) bly die omvattendste hulpbron wat inligtingsoordrag deur die hele werwingspypleiding betref. Die webtuiste het in die verslagtydperk 96 188 unieke besoekers en meer as 272 000 besigtigings ontvang. Dít was op persoonlike rekenaars sowel as slimfone, en besoekers het gemiddeld agt minute lank na inhoud gesoek.

## 2.14 Studieloopbaanadvies

Studieloopbaanadvies is aan verskeie skole in die Wes-Kaap voorsien deur die gestruktureerde **Careers@Maties**-projek sowel as psigometriese assesseringsdienste vir senior leerders. Die projek help leerders in onderwysbenadeelde omgewings hulle studie beplan met die oog daarop om die arbeidswêreld te betree. Die intervensie bied gespesialiseerde psigometriese assesserings vir 'n uitgesoekte aantal graad 11-leerders, sowel as werksessies vir graad 9's en hulle ouers.

Careers@Maties konsentreer doelbewus op diversiteitswerwing en word ondersteun deur 'n vennootskap met die US Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) se talentontwikkelingsprogram, wat in ál nege provinsies van die land aangebied word.

## 2.15 Kliëntedienste aan studente en die groter gemeenskap

Die Kontak- en Kliëntedienssentrum gaan voort om 'n kernrol te vervul om te sorg dat alle navrae hanteer en/of na die korrekte US-omgewing verwys word. Dít word op 'n professionele en kliëntgerigte manier gedoen. Met sy diverse personeelkomponent, beskik die Sentrum oor die nodige insig in die lewenservarings van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die Sentrum het van Januarie tot April **meer as 98 000 kontaksessies** hanteer, wat insluit telefoonoproepe, e-posse sowel as aanlyn gesprekke, synde 'n webgebaseerde geselsfunksie op www.maties.com.Ongeveer 65% van alle kontaksessies was met voornemende studente. 'n Maandelikse gemiddeld van 36% van inbellers verkies om in Afrikaans te kommunikeer, 62% in Engels en 2% in Xhosa of Zulu.

## 2.16 Verbreding van toegang deur sport

**Beurse:** Die atletiek- en akademiese loopbane van twee Matie-atlete het onlangs 'n beduidende hupstoot ontvang toe hulle aangewys is as die eerste ontvangers van die Bettie Harmsen-beurs. Harmsen, née Buitendag, was 'n kranige atleet en US-gegradueerde wat haar BSc Honneurs in Geneeskundige Biochemie in 1989 verwerf het. Sy het 'n baie suksesvolle loopbaan in die farmaseutiese bedryf gehad – eers in Suid-Afrika, en later in die Verenigde State. Kort voordat sy in 2016 op 50-jarige ouderdom aan kanker gesterf het, het sy en haar man, Hans, besluit om 'n beurs aan belowende baan- en veldatlete van die US toe te ken. Die familie het onderneem om vir ten minste tien jaar $10 000 per jaar te skenk. Die baanatlete en Matie-studente Justine Palframan en Gardeo Isaacs deel hierdie beurs in 2018.

**Hokkievakansiekamp:** Altesaam 70 laerskoolleerders het Maties Hokkie se jaarlikse vakansiekamp in April bygewoon. Die doel was om die spelers met tegniese vaardigheidsontwikkeling en mededinging by te staan en hulle aan die US se fasiliteite bloot te stel.

**Vakansieprogram:** Maties Sport se skoolvakansieprogram is gedurende die April-skoolvakansie by die Primêre Skool Pieter Langeveldt in Cloetesville aangebied. Byna 100 plaaslike leerders tussen die ouderdom van 4 en 16 jaar het die vier dae lange program bygewoon, waar hulle waardevolle lewensvaardighede geleer het. Die jong klomp het ook deelgeneem aan vaardigheidsafrigtingsessies deur Maties Atletiek, Basketbal, Rugby, Sokker, Netbal en Tennis.

## 3. Behoud van momentum van uitnemendheid

Uitnemendheid is een van die oorhoofse strategiese prioriteite in ons *IVS 2013–2018*. In daardie dokument word dit gekoppel aan die tweede element van ons Visie 2030 – om meer innoverend te word. En in ons *IP 2018–2023* is behoud van ons momentum van uitnemendheid een van ons sewe institusionele strategieë. Ons doen dit deur ons studentesukses hoog te hou en deur die Universiteit as een van die voorste navorsingsintensiewe instellings in Afrika te posisioneer.

### 3.1 Akademiese jaar 2017

Met die Maart-gradeplegtighede twee weke ná die vorige Senaatsvergadering is die akademiese jaar 2017 afgesluit. Ons het in Desember 2017 agt plegtighede en in Maart 2018 ses plegtighede aangebied. Die US het weer die rekords laat spat met die getal kwalifikasies wat toegeken is. Ons het altesaam **9 046 grade, diplomas en sertifikate** oorhandig (volgens die jongste syfers in Mei 2018). Dít sluit in **1 623 magistergrade** en **305 PhD's** – albei nuwe rekords – waarvan onderskeidelik 44% en 41% aan bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërstudente gegaan het, wat van die US se bydrae as 'n nasionale bate getuig. Met die oog op die US se Eeufees in 2018 het die Raad verlede jaar die toekenning van 'n groter getal eredoktorsgrade as gewoonlik goedgekeur.

### 3.2 SciMathUS-gradesukses

Die program SciMathUS (die Engelse akroniem vir "Wetenskap en Wiskunde aan die Universiteit Stellenbosch") het by die jongste gradeplegtighede weer goeie resultate opgelewer. **Sestien** voormalige SciMathUS-studente het by die Maart-gradeplegtighede in verskeie fakulteite, waaronder Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe sowel as Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, gegradueer. Sedert die aanvang van die program in 2001 het meer as 1 000 studente dit suksesvol voltooi, en het **356** van hulle grade aan die US verwerf.

Die program, wat deur die US se Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) aangebied word, bied talentvolle en gedrewe graad 12's uit onderwysbenadeelde omstandighede oor die hele land 'n tweede kans om vir hoër onderwys in aanmerking te kom. Studente word hoofsaaklik bygestaan om hulle Nasionale Senior Sertifikaat-punte in Wiskunde en hetsy Fisiese Wetenskappe of Rekeningkunde te verbeter, hoewel akademiese en rekenaargeletterdheidsopleiding ook aangebied word. Ná voltooiing van die SciMathUS-program besluit baie van die studente om hul studies aan die US voort te sit.

### 3.3 Eerstejaarsprestasietoekennings

Die Viserektor: Leer en Onderrig, prof Arnold Schoonwinkel, het op 11 April die Eerstejaarsprestasietoekenningsgeleentheid vir verlede jaar se toppresteerder-eerstejaars aangebied. Die geleentheid het ook dosente se rol in die studente se prestasies uitgelig. Die studente is gelukgewens met hulle prestasies, en die dosente is vir hulle toewyding aan onderrig van gehalte geloof. Die groep van **32 studente uit ál tien fakulteite** het **Verlengde Graadprogram-studente** ingesluit wat met hulle uitmuntende prestasies veel beter gevaar het as wat hulle matriekpunte beloof het.

## 3.4 Verryking van leer en onderrig

Die US het van 17 tot 18 April die eerste **kollokwium van die Afrika Digitale Universiteitsnetwerk** by STIAS aangebied. Vir dié geleentheid het 80 deelnemers van 12 universiteite byeengekom om na 24 referate oor die temas van digitale akademieskap, innovasie en skakeling in die hoër onderwys in Afrika te luister. Die kollokwium was ’n viering van die US se suksesvolle dosentesteuninisiatiewe, wat deel uitmaak van die Raadsgefinansierde projek IKT in Onderrig en Leer.

Daarby het dit die US die geleentheid gebied om ander te vertel wat hy die afgelope vier jaar geleer het uit die insluiting van ’n gemengdeleerbenadering by programme en modules in alle fakulteite. Gaan na http://blogs.sun.ac.za/adu vir meer inligting.

**Die kortkursus Akademieskap van Onderwysleierskap** het op 2 Februarie en 8 April onderskeidelik sy eerste twee kontaksessies gehad. Die kursus konsentreer op leierskap *in* en akademieskap *van* onderrig en leer, en beoog om ’n kritieke massa onderrig- en leermentors by die US op te bou. ’n Uitgesoekte kohort personeellede wat leiersrolle op die gebied van onderrig en leer vervul, word elke jaar genooi om vir die kursus te registreer. By voltooiing van die kursus sluit deelnemers by ’n al hoe groter gemeenskap van onderrig- en leermentors by die Universiteit aan. Vanjaar het 11 deelnemers ingeskryf.

As deel van die institusionele inisiatief vir **die vernuwing van akademiese programme** het ’n werksessie vir alle programleiers op 19 April plaasgevind. Die doel was om die konsepriglyne vir programleiers te bespreek, leiers se vermoëboubehoeftes te bepaal indien die konsepriglyne aanvaar sou word, en die instaatstellende omgewing te beskryf wat hulle in hulle leiersrolle sal laat uitblink. Meer as 50 programleiers was daar. Op grond van hulle terugvoering sal die riglyne aangepas en verdere vermoëbougeleenthede ontwikkel word.

## 3.5 Voorgestelde nuwe programme

Die Programadvieskomitee het **in die eerste semester van 2018 ses nuwe programvoorleggings oorweeg**. Die programme moet nog deur die Senaat goedgekeur en dan ekstern voorgelê word aan die Departement van Hoër Onderwys en Ontwikkeling vir goedkeuring van die programkwalifikasiesamestelling, aan die Hoëronderwysgehaltekomitee vir portuurbeoordeling en akkreditasie, en aan die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid vir registrasie op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Indien dit goedgekeur word, sal ons nagraadse akademiese aanbod vanaf 2020 met die volgende nuwe kwalifikasies uitgebrei word:

- Nagraadse Diploma in Navorsingsbestuur en -administrasie (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
- Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
- Magister in Ingenieurswetenskap (Ingenieurswese)
- MPhil in Verdedigingstudie (Krygskunde)
- BSc Hons in Bio-informatika en Berekeningsbiologie (Natuurwetenskappe)
- MSc in Bio-informatika en Berekeningsbiologie (Natuurwetenskappe)

## 3.6 Stellenbosse Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke

’n Beheerkomitee is in Maart saamgestel vir die vestiging van die Stellenbosse Skool vir Datawetenskap en Berekeningsdenke. Dié **voorgestelde tussenfakulteitsinisiatief** sal die hele akademiese projek, van voor- en nagraadse opleiding tot navorsing en spesialiskonsultasie, insluit.

Die hoofdoel is om die US se verskillende werksaamhede op dié gebied te koördineer en te integreer, en ’n platform vir samewerkende leer en navorsing sowel as die skepping van kennis, idees, toepassings en produkte te bied. Nasionale en internasionale vennote en beleggers sal genooi word om met die Skool saam te werk.

Klein taakgroepe is byeengeroep om die huidige stand van opleidingsaktiwiteite, navorsing en dienste op die gebied van datawetenskap en berekeningsdenke in alle US-fakulteite te ondersoek. Databasisse van die huidige en beplande voor- en nagraadse kursusse, navorsingsprojekte en kernrolspelers op hierdie gebiede is saamgestel.

Daarna is ’n interaktiewe voorgraadse werksessie oor die US se datawetenskapvoetspoor in Mei aangebied en deelnemers was dit eens dat ’n inleidende, generiese kursus in “Datawetenskapgeletterdheid” ’n waardevolle toevoeging kan wees tot die toepassingspesifieke kursusse wat die US reeds aanbied of beplan. ’n Taakgroep formuleer tans die omskrywing en bestek van datawetenskap in voorgraadse programme en werk aan die besonderhede van ’n voorgestelde raamwerk vir ’n Datawetenskapgraadprogram.

## 3.7 Gehalteverbeteringsprojek

Die Raad op Hoër Onderwys betree tans sy **derde gehalteversekering- (GV-)siklus** nadat die tweede fase van die Gehalteverbeteringsprojek teen die einde van 2017 geëindig het. Soos die eerste siklus, toe institusionele oudits deur die hele openbare hoëronderwyssektor gedoen is, sal die derde siklus weer ’n institusionele beoordelingsbenadering volg met die klem op die evaluering van individuele hoëronderwysinstellings se GV-stelsels. Vir dié doel hersien die US tans sy GV-beleid en -bestuursdokumente namate die instelling sy eie vyfde GV-siklus binnegaan.

## 3.8 Nuwe navorsingsleerstoele

Twee nuwe DWT/NNS SARChI-leerstoele is onlangs aan die US toegeken – die leerstoel in **innoverende rehabilitasie aan prof Quinette Louw** (Fisioterapie) en die leerstoel in **voedselomgewings, voeding en gesondheid aan prof Xikombiso Mbhenyane** (Menslike Voeding). Albei leerstoele is geleë in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Prof Louw se navorsing ingevolge die SARChI-leerstoeltoekenning sal daarop konsentreer om ’n lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners in die hand te werk deur die gehalte van gesondheidsorg te verbeter. Sy sal veral op nuwe en innoverende benaderings tot rehabilitasie konsentreer.

Prof Mbhenyane se navorsing sal weer daarop uit wees om kennisskepping en vermoëbou vir menslike voeding te versterk en uit te brei. Dít sal in pas wees met die Nasionale Departement van Gesondheid se doelwit om die beskikbare menslike hulpbronne vir voedingsdienslewering te versterk, veral vir bevolkingsgebaseerde voorkomings- en bevorderingsdienste.

Die US het nou 45 navorsingsleerstoele – **byna dubbel soveel as vyf jaar gelede**. Hiervan maak 27 deel uit van SARChI (die Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoelinisiatief) met finansiering van die Departement van Wetenskap en Tegnologie. ’n Verdere 18 navorsingsleerstoele by die Universiteit word deur ander borge gefinansier.

## 3.9 US-kundiges ontvang toekennings

Navorsers verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US) tel weer vanjaar onder diegene wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hulle bydraes tot die wetenskap vereer word.

**Prof Emile van Zyl** van die Departement Mikrobiologie word met die Havengaprys vir Lewenswetenskappe vereer vir sy oorspronklike navorsing oor die natuurwetenskappe, sy navorsingsuitnemendheid en -mededingendheid, en sy akademiese vakkundigheid. Hy beywer hom al lank vir die gebruik van omgewingsvriendelike alternatiewe vir fossielbrandstowwe en het reeds ’n groot impak op dié gebied gehad.

Die Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe word toegeken aan **prof Barend Herbst**, emeritus professor in Toegepaste Wiskunde, vir sy 40 jaar lange akademiese loopbaan wat deur navorsingsuitsette van die hoogste gehalte en dienslewering op verskeie vlakke gekenmerk is.

Herbst was onder meer betrokke by die Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade en die Suid-Afrikaanse Simposium vir Numeriese en Toegepaste Wiskunde.

**Prof Lizette Joubert** ontvang ’n erepenning van die SA Akademie se Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie vir haar innoverende, volhoubare en toegepaste produkgebaseerde navorsing oor rooibos en heuningbos die afgelope 35 jaar. Sy is hoofnavorser by die Landbounavorsingsraad se Infruitec-Nietvoorbij-navorsingsinstituut en buitengewone professor in die Departement Voedselwetenskap. Haar navorsing het gelei tot die ontwikkeling van verskeie prosesse wat die rooibos- en heuningbosbedryf nou implementeer. Sy het ook reeds internasionale erkenning hiervoor ontvang.

**Dr Wynand Beukes** wen die Protea Boekhuisprys vir die beste geskiedenisproefskrif in Afrikaans met sy PhD getiteld *Van Afrikanerkultuur tot korporatief: Die geskiedenis van Sanlam se hoofkantoor-personeelkorps 1918–2008*.

Ook het die Andrew Murray-prysfonds die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir Christelike en vakwetenskaplike teologiese publikasies toegeken aan **prof Louis Jonker** van die Fakulteit Teologie vir sy boek, *Defining All-Israel in Chronicles*, uitgegee deur die Duitse publikasiehuis Mohr Siebeck. Die beoordelaars beskryf die publikasie as ’n “werk van puik akademiese navorsing van die hoogste gehalte”.

## 3.10 NSTF-toekennings

Die US het **ses finaliste** in die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NSTF)/South32-toekennings van 2017/18: proff Resia Pretorius, Cang Hui, Coenrad Fourie en Brian van Wilgen, sowel as drs Thorsten Becker en Willem Botes.

Hierdie jaarlikse geleentheid erken, vier en beloon uitmuntende werk op die gebied van wetenskap, ingenieurswese, tegnologie (WIT) en innovasie in Suid-Afrika. Die wenners sal op 28 Junie by ’n galageleentheid by Emperors Palace in Kempton Park aangekondig word.

## 3.11 Nuwe bloedtoets vir TB

US-navorsers is deel van ’n internasionale konsortium wat ’n eenvoudige bloedtoets ontwerp het wat die ontwikkeling van tuberkulose (TB) tot twee jaar vooruit kan voorspel by mense met ’n hoë risiko om die siekte op te doen. Mense wat in noue aanraking met TB-pasiënte is, loop gevaar om ook die siekte te ontwikkel. Tog is dit nie haalbaar om almal wat met die pasiënt in aanraking kom voorkomend te behandel nie. Daarom het die navorsingsgroep ’n bloedtoets ontwikkel wat kan voorspel watter van daardie persone meer waarskynlik aktiewe TB-infeksie sal ontwikkel, welke individue dan vir voorkomende behandeling uitgesonder kan word.

**Prof Gerhard Walzl**, hoof van die Immunologienavorsingsgroep in die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, was die hoofouteur van die studie. Die navorsing het in die *American Journal of Respiratory and Critical Care Medicine* verskyn.

## 3.12 Nuwe vibrasiespektroskopiefasiliteit “wêreldklas”

Die nuwe Eenheid vir Vibrasiespektroskopie by die US se Sentrale Analitiese Fasiliteite (SAF) is op 6 Maart bekend gestel. Hierdie fasiliteit bied studente, navorsers en die bedryf etlike nuwe moontlikhede vir toepassings op ’n wye verskeidenheid gebiede, waaronder **voedselgehalte en -veiligheid** sowel as die **mediese**, **landbou**, **argeologiese**, **paleontologiese** en **farmaseutiese** bedrywe.

Die Eenheid, wat in die Departement Voedselwetenskap geleë is, bevat splinternuwe hiperspektrale beeldingstoerusting wat die studie van spektrale verskille moontlik maak om die chemiese samestelling en ruimtelike verspreiding van komponente te bepaal. Die fisiese eienskappe van ’n monster kan ook op ’n nie-vernietigende en nie-indringende wyse met weinig indien enige monstervoorbereiding ondersoek word.

Volgens tegnici van HySpex was dít die grootste installasie wat hulle tot nog toe op ʼn enkele plek gedoen het. "Daar is geen soortgelyke fasiliteit in die hele wêreld nie. Dit is werklik wêreldklas," lui hulle verslag.

Finansiering is beskikbaar gestel deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) deur middel van die nasionale toerustingprogram.

### 3.13 Uitnemendheid in sport

**Akademie:** Maties Sport se hoëprestasiestudenteatlete het in 2017 ʼn eerstejaardeursetsyfer van 84% behaal, wat met die US-gemiddeld strook. Verskeie Maties Sport-atlete het in Maart gegradueer, waaronder die Parasport-wêreldkampioen Dyan Buys, die SA waterpolospeler Lwazi Madi, die FNB Maties Varsitybeker-losskakel Chris Smith, en Maties Netbal se Charmaine Baard.

**Rugby:** ʼn Historiese dubbele oorwinning in die Varsitybeker-kompetisie was die beste moontlike geskenk wat Maties Rugby die US in sy Eeufeesjaar kon gee. Dit was Maties se vierde Varsitybeker-oorwinning, en die Young Guns se eerste. Maties het die Pukke in hierdie historiese kragmeting met 40-7 verslaan – tot nog toe die grootste punteverskil in ʼn eindstryd van hierdie toernooi. Ná die eindstryd is die Matie-vleuel Duncan Saal as die agterspeler van die toernooi aangewys, en Marno Redelinghuys as voorspeler van die toernooi. Vier Maties Young Guns – Ben-Jason Dixon, Schalk Erasmus, Dan Jooste en Sazi Sandi – is boonop gekies vir die Junior Springbokspan wat van 30 Mei tot 17 Junie in Frankryk aan die Wêreldrugbykampioenskapstoernooi vir onder-20's deelneem.

**Atletiek:** Matie-atlete het die US by twee Varsity Atletiek-byeenkomste verteenwoordig – op 2 en 23 Maart. Justine Palframan het ʼn uitmuntende vertoning gelewer deur die 200 m te wen, en is by albei byeenkomste as victrix ludorum aangewys. Wynand du Toit, Chery-lee Schoeman en Mia Steytler het ook hulle items gewen. Justine het aanhou presteer by die Senior Nasionale Baan- en Veldkampioenskapstoernooi deur goud in die 200 m en 400 m te wen. Nienka du Toit het goud in die sewekamp gewen, terwyl Janke van Wyk met ʼn silwer medalje vir die 100 m-hekkies huis toe is. Die Boland 4 x 400 m-aflosspan, met ál vier lede van Maties Atletiek (Wynand du Toit, Gardeo Isaacs, Jaden Flagg en Linford Maree), het silwer gewen. Justine Palframan (200 m), Jesse Perez (tienkamp) en Nienka du Toit (sewekamp) het by die USSA-atletiekkampioenskapstoernooi as kampioene uit die stryd getree, terwyl ons Yvonne Steenkamp, Marina van Tonder en Gianna Marais die halfmarathonspankompetisie gewen het. Vier Maties-atlete – Wynand du Toit, Gardeo Isaacs, Kwezi Mtoba en Janke van Wyk – is by die USSA-atletiekspan ingesluit wat in Junie in Botswana aan die 19de spele van die Konfederasie van Universiteite en Kolleges van Suider-Afrika (KUKSA) sal deelneem. Maties-sportbestuurder Hadley Volkwyn is as die spanbestuurder aangewys.

**Basketbal:** Maties Basketbal se mans en vroue het aan die halfeindstryd van die Wes-Kaapse USSA-uitspeelrondes deelgeneem. Albei spanne het teen die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie te staan gekom en hulle wedstryde gewen om tot die eindstryd van die uitspeelrondes deur te dring en hulle plek in die USSA-kampioenskapstoernooi te verseker. Die vrouespan het ook deelgeneem aan die jaarlikse WITS Ashraf Lodewyk-gedenktoernooi wat WITS se basketbalklub in April aangebied het, en het tot die halfeindstryd deurgedring. Boonop is die Matiestudenteatleet Lerato Ngakane in die vrouebasketbalspan vir die KUKSA-spele opgeneem.

**Kanovaart:** Die susters Cana en Jordan Peek, albei lede van Maties Kanovaart, is in Februarie as die wenners van die vrouekategorie van die Dusi-kanomarathon aangewys. Hulle het die afstand van sowat 120 km tussen Pietermaritzburg en Durban in ʼn gesamentlike tyd van 9 uur 45 minute 23 sekondes voltooi – agt minute voor die span wat tweede geëindig het.

**Krieket:** Matie-krieketspeler David Bedingham het ʼn Kobras-franchisekontrak losgeslaan, terwyl die eerstejaar Vezi Mntungwa in Maart vir die Kobras Akademie-span gekies is. By die jaarlikse Boland Krieket-prysuitdelingsaand is Bedingham as speler van die jaar én senior driedagspeler van die jaar aangewys, terwyl die Maties-vrouekrieketspeler Faye Tunnicliffe die toekennings vir SA se ontluikende speler van die jaar én vrouespeler van die jaar in 50-beurtwedstryde ontvang het.

Maties Krieket se sportbestuurder, Candice Williams, dien nou in Boland Krieket se uitvoerende komitee. Dít is ’n noemenswaardige prestasie, gedagtig aan die swak verteenwoordiging van vroue op hierdie bestuursvlak.

**Hokkie**: Ná twee propvol naweke van Varsity Hokkie-aksie was die onoorwonne Maties Hokkie-manspan boaan die punteleer ná die groeprondes. In die halfeindstryd op 14 Mei het Maties die oorhand gekry oor NWU-Pukke, en hulle plek in die tuiseindstryd teen TUKS verseker. Daardie kragmeting het ongelukkig in die besoekers se guns geëindig.

**Parasport:** Lede van die Maties Parasport-klub het goed gevaar by die onlangse nasionale kampioenskapstoernooi vir persone met gestremdhede. Die honneursstudent Kerwin Noemdo het ’n Afrika-rekord in die gewigstoot opgestel (F47) met ’n afstand van 13,44 m. Op die baan het Anruné Weyers (T47) goud gewen in die 100 m, 200 m en 400 m, terwyl Paul Daniels (T62), ’n dubbelgeamputeerde en leerder aan Hoërskool Cloetesville, goud in die 100 m en 200 m gewen het. Brandon Beack, ’n rolstoelatleet, het ’n goue medalje in die diskus en gewigstoot vir deelnemers in klas F53 gewen, sowel as goud in die 100 m (T52).

**Roei:** Die USSA-roeikompetisie het in April by Misverstanddam plaasgevind. Maties het eerste geëindig in die MD4+-item, en tweede in sowel die MD1x-item as die 5 000 m Ergo-aflos. Die span het ook die Ian Maxwell-trofee vir gees en gedrag ontvang.

**Tennis:** Maties Tennis het in April aan die jaarlikse Sun City-uitnodigingstoernooi deelgeneem. Ons eerste span het derde geëindig.

**Waterpolo:** Maties Waterpolo se vrouespan het silwer gewen by die SA Nasionale Waterpolokampioenskapstoernooi, terwyl die manspan vierde geëindig het.

**Nuwe aanstelling:** Maties Sport erken die belang en waarde van tegnologiegebruik in die afrigting van hoëprestasiestudenteatlete. Daarom is die nuwe pos van bestuurder van sporttegnologie en afrigtingsinnovasie in die Hoëprestasie-eenheid geskep. Grant van Velden, wat die afgelope paar jaar reeds as sporttegnoloog met Matie-spanne werk, is in dié pos aangestel. Die doel is om te voorsien in die toenemende behoefte in die tersiêre sportomgewing aan innoverende maniere om studenteatlete se potensiaal te benut, gedagtig daaraan dat hulle eerstens studente is en tweedens atlete.

# 4. Bevordering van sosiale impak

Om ’n groter sosiale impak te hê is een van die US se kern- strategiese doelwitte. Vir ons is sosiale impak sistemies, want dit is in alle US-omgewings veranker. Deurlopende en doelbewuste aandag aan die generiese en spesifieke sosiale impak van leer en onderrig sowel as navorsing en innovasie versterk die algehele transformasiegerigte sosiale impak van en deur die Universiteit. Hierdie visie word deur die US se Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) gerig.

## 4.1 Rektor-Burgemeester-forum

Geslaagde waterbesparingsinisiatiewe was hoog op die agenda van die Rektor-Burgemeester-forum op 24 Mei. Dié gesamentlike struktuur fasiliteer **samewerking tussen die US en die Stellenbosch-munisipaliteit** tot voordeel van die hele dorp en die gemeenskap.

Daar is verslag gedoen dat Stellenbosch nou daagliks so min as 15 megaliter drinkwater van die voorraad wat deur die Stad Kaapstad voorsien word, verbruik – teenoor gemiddeld 45 megaliter voor die droogte. Dít is onder meer aan munisipale waterbeperkings en boorgate toegeskryf, asook sukses in die stryd teen lekkasies op die US-kampus en goeie samewerking deur studente en personeellede om water meer spaarsamig te gebruik.

Die Universiteit en die Munisipaliteit het ’n gesamentlike droogtereaksieplan. Wat ons hier reggekry het, illustreer die voordele van samewerking. Dit sal egter eers ’n ware suksesverhaal wees as die veranderinge blywend is. Ons sit dus ons bewusmaking en besparingspogings voort (sien ook 7.7).

## 4.2 Ooreenkoms met Oudtshoorn-munisipaliteit

Die US se sosiale impak is op 18 Mei ’n stap verder gevoer toe die Universiteit ’n memorandum van verstandhouding (MVV) met die Oudtshoorn Plaaslike Munisipaliteit onderteken het. Dit is die sesde ooreenkoms van sy soort met ’n plaaslike owerheid ná voriges met die Plaaslike Munisipaliteite van Stellenbosch, Drakenstein, Saldanha en Hessequa, asook die Eden-distriksmunisipaliteit. Deur ons lidmaatskap van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium het ons ook ooreenkomste met die Stad Kaapstad op metropolitaanse vlak, en met die Wes-Kaapse Regering.

Die ooreenkoms is onderteken deur prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, en raadsheer Colan Sylvester, Uitvoerende Burgemeester van Oudtshoorn. Die rol van dr David Piedt, US Raadslid van 2006 tot 2010 en onvanger van ’n eredoktorsgraad van die US in 2012, verdien spesiale melding. As gemeenskapsleier het hy gehelp om hierdie ooreenkoms in plek te kry.

Die strategiese fokus van die ooreenkoms val op ’n **skolevennootskapprojek**, ondersteun deur die Sentrum vir Pedagogie aan die US (SUNSEP), die **Eden-kunsakademie** en **skolekunstefees** wat strategies deur die direkteur van die US Woordfees, me Saartjie Botha, gestuur word, en die vestiging van ’n **Agripark** om in die behoeftes van die Klein-Karoo in sy geheel te voorsien, sover dit die plaaslike landbou-ekonomie betref. Die Universiteit gaan verder Oudtshoorn se strategieë vir die implementering van sporttoerisme; die uitbouing van gesonde en sosiaal stabiele gemeenskappe; die bemagtiging van ’n werksmag en gemeenskappe; die bevordering van goeie regering; en die stimulering van die plaaslike ekonomie deur die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO) ondersteun.

Soos met ander soortgelyke MVV’s, maak hierdie ooreenkoms deur kapasiteitskepping en gesamentlike inisiatiewe van die US se intellektuele kapitaal en die munisipaliteit se burgerlike infrastruktuur gebruik, ten einde die ontwikkelingsbehoeftes van die munisipaliteit te kan aanspreek.

## 4.3 SA se eerste datasentrum vir demokrasie

Die Eenheid Transformasienavorsing in die US se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het in Mei die land se eerste datasentrum vir demokrasienavorsing en die ontwikkeling van sosiale wetenskappe bekend gestel. Die sentrum staan onder leiding van dr Cindy Steenekamp, ’n senior dosent in die Departement Politieke Wetenskap. Dit word ondersteun deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ter bevordering van die doel om mededingend in die navorsingsarena te bly, navorsing en innovasie op die Afrikavasteland te internasionaliseer, die land se internasionale reputasie te verbeter, en toegang tot wêreldwye kennis en kundigheid te verkry.

## 4.4 LaunchLab Ideesprogram

Die US LaunchLab het die **sewende aflewering** van sy jaarlikse Ideesprogram bekend gestel. Die program is hoofsaaklik afgestem op ondernemings in ’n baie vroeë ontwikkelingsfase wat hulle konsepte wil bekragtig of hulle tegnologieaanbod aan hulle mark wil verbeter. Dít sluit aan by die LaunchLab se oorhoofse missie om waardevolle kontakte vir beginnerondernemings te fasiliteer om hulle te help uitblink.

In verlede jaar se wedstryd is 24 inskrywings vir die LaunchLab se inkubasieprogram gekies, is tien proefprojekte saam met LaunchLab-kliënte onderneem, het LaunchLab-kliënte direk in vier projekte belê, en is prysgeld van R1,18 miljoen uitbetaal.

## 4.5 Nalatenskapvieringskonsert

Die Musiekdepartement het op 11 Mei sowel **Nelson Mandela** as die US se 100ste verjaardag met die nalatenskapvieringskonsert in die Endlersaal gevier. Die konsert het ook hulde gebring aan die legendariese kunstenaar, aktivis en komponis **Hugh Masekela**, en solosangers Sima Mashazi, Babalwa Mentjies en Mynhardt Krüger het sommige van sy bekende melodieë uitgevoer. Die

program het gedraai om die US Jazzorkes, een van die ensembles van die sertifikaatprogram, met Felicia Lesch as dirigent. Meer spesifiek is die aand gewy aan die bekendstelling van die Musiekdepartement se nuwe inisiatief vir sosiale impak, **Roots@SU**. Hierdie inisiatief sluit ’n aantal projekte in waarby die Musiekdepartement deur sy sertifikaatprogram, die landelikeskakelings- en diensleerprogramme, die Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees (wat in Maart ’n toekenning vir die Beste Bydrae tot die Visuele Kunste, ingesluit die Openbare Kunste, van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport verower het), die Endlerkonsertreeks en heelparty eksterne vennootskapsprogramme betrokke is.

### 4.6 US Museum

Die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake het die US Museum op 3 Maart met ’n **toekenning** vir die **bevordering van maatskaplike insluiting** vereer. Deur sy openbare programme is die museum deesdae ’n veilige ruimte vir gesprekke en die uitruiling van idees tussen generasies.

### 4.7 Rekenaarskenking

IT-personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens het McGregor in Desember 2017 besoek om **80 rekenaars aan die Primêre Skool McGregor** te skenk en die masjiene te help installeer en programmeer. Die rekenaars is uit die US se biblioteekvoorraad onttrek as deel van die institusionele toerustingvervangingsprogram. In haar bedankingsbrief het die skoolhoof vertel hoe opgewonde die leerders is en dat die rekenaars hul blik op die wêreld verander het.

### 4.8 MGD in vennootskap met ouetehuis

MGD het die afgelope tyd ’n verhouding met **Sarepta-ouetehuis in Kuilsrivier**, ’n tehuis vir 130 bejaardes, opgebou. Hoewel dit ’n staatsinstelling is, steun die tehuis swaar op buitevennote. MGD het op 1 Februarie met ’n groep van meer as 50 studentevrywilligers besoek afgelê, en sedertdien was hulle nog elke maand weer daar. Die fasiliteit kan moontlik ’n kliniese plasingsterrein vir US-studente word.

## 5. Uitbreiding van internasionalisasie

Die uitbreiding van internasionalisasie is een van sewe institusionele strategieë in ons *IP 2018–2023*. Ons wil ons gegradueerdes en akademici toerus om te kan floreer as burgers van ’n potensieel meer onstuimige en ’n tegnologies snelontwikkelende wêreld. Ons wil hulle in staat stel om **internasionaal beduidende bydraes** te lewer wat ’n positiewe impak op die wêreldsamelewing het.

### 5.1 25 jaar van internasionale betrekkinge

Sowat 400 mense het op 13 April in die Endlersaal byeengekom vir ’n galageleentheid ter viering van 25 jaar van formele internasionale bedrywighede aan die US. In my toespraak by die geleentheid het ek daarop gewys dat die US tot ’n aansienlike mate danksy internasionalisasie geword het wat hy vandag is, en dat ons op internasionalisasie sal staatmaak om ons die toekoms in te neem noudat ons die tweede eeu van die Universiteit se bestaan binnegaan.

Internasionale bedrywighede aan die US kan teruggevoer word tot **1993**, toe die Kantoor vir Internasionale Betrekkinge tot stand gebring is. Dít was die begin van gekoördineerde werk om internasionale betrekkinge uit te bou en te kweek, en internasionale akademiese netwerke en mobiliteit stelselmatig te bevorder.

US Internasionaal, die Tygerbergse Internasionale Kantoor en die USB se Kantoor vir Internasionale Aangeleenthede het by die geleentheid erkenning verleen aan 25 US-personeellede of -groepe vir hulle bydrae tot die aktiwiteite van die drie internasionale kantore. **Mnr Robert Kotze** , Senior Direkteur: US Internasionaal, is spesiaal vereer vir sy bydrae om die Universiteit se internasionale kantoor 25 jaar gelede op die been te bring, en vir sy bevordering van internasionalisasie oor die jare nog lank voordat dit in die mode was.

## 5.2 Stellenbosse Internasionale Akademiese Netwerk

US Internasionaal het van 10 tot 14 April die 16de jaarlikse byeenkoms van die Stellenbosse Internasionale Akademiese Netwerk (**SIAN**) gehou. Deelnemers aan die Erasmus+-personeelopleidingsweek en SUPIA het hulle by SIAN-afgevaardigdes aangesluit. ’n Totaal van **48 deelnemers van 41 universiteite in 20 lande** (agt in Afrika) het die geleentheid bygewoon.



## 5.3 Globale reikwydte

Prof Hester Klopper het in Februarie die internasionale konferensie van die Vereniging vir Internasionale Onderwysadministrateurs (**AIEA**) in Washington DC bygewoon. Verskeie vergaderings met vennootuniversiteite het plaasgevind, waaronder Northwestern-universiteit, die Universiteit van Noord-Carolina in Charlotte, en Coventry-universiteit (VSA-kantoor).

Van 15 tot 18 Maart het die US die internasionale konferensie van die Konsortium van Universiteite vir Globale Gesondheid (**CUGH**) saam met die Universiteit Columbia in New York aangebied. Vir dié geleentheid het 1 800 leiers op die gebied van gesondheid, ingenieurswese, sake, wetenskap en onderwys byeengekom. Dit was ’n kragtige platform om met die US te spog en ons ’n sterker internasionale teenwoordigheid te gee. Die US is die eerste Suid-Afrikaanse universiteit wat by die CUGH aangesluit het en prof Klopper dien in die raad van dié organisasie. Sy en prof Jimmy Volmink was lede van die kernreëlingskomitee, albei het paneelbesprekings gedurende hoofsessies gemodereer, en ek het ook vir twee besprekings as paneellid gedien.

US Internasionaal se Sentrum vir Vennootskappe en Internasionalisasie (SVI) het van 9 tot 13 April ’n **personeelopleidingsweek** aangebied. Benewens die SVI se eie werknemers, het deelnemers ook eweknieë van die universiteite van Porto (Portugal), Bologna (Italië) en Maastricht (Nederland) sowel as van Masaryk-universiteit (Tsjeggiese Republiek) en TU München (Duitsland) ingesluit.

Van 14 tot 18 April het personeellede van US Internasionaal die konferensie van FAUBAI (die **Brasiliaanse Vereniging vir Internasionale Onderwys**) in Rio de Janeiro bygewoon. Daarna het hulle die Universiteit van São Paulo (USP) besoek om samewerking op die gebied van die bestuurswetenskappe, lettere en geesteswetenskappe (ooreenkomstig ’n bestaande ooreenkoms) en agriwetenskappe te ondersoek. USP se agriwetenskappe-aanbod word as die derde beste ter wêreld beskou.

Ek en prof Klopper het van 2 tot 4 Mei aan die **Going Global**-konferensie van die British Council in Kuala Lumpur deelgeneem, waar ons verskeie vergaderings met visekanseliers en adjunkvisekanseliers van vennootuniversiteite gehad het om samewerking te versterk. Ek was bevoorreg om aan die hoofpaneelbespreking deel te neem. Die US het verskeie versoeke vir samewerking ontvang, en blyk ’n gunstelingvennoot uit Afrika te wees. Prof Klopper het ook gedurende die konferensie ontmoet met Times Higher Education-personeellede wat vir die wêrelduniversiteitsranglys verantwoordelik is. By dié vergadering is daar onder meer klem gelê op

die belang daarvan om akkurate data by die ranglysproses in te voer, en prof Klopper het derhalwe opdrag ontvang om ’n strategie te ontwikkel om dít voortaan te verseker.

’n US-afvaardiging het **Suidoos-Asië** besoek (28 April–8 Mei) om akademiese samewerking met die Tegniese Universiteit Nanyang (Singapoer), die Nasionale Universiteit van Singapoer (Ingenieurswese), Gadjah Mada-universiteit, Yogyakarta (Indonesië), die Chinese Universiteit van Hong Kong sowel as die Universiteit van Hong Kong te ondersoek. Met ons besoek aan die Chinese Universiteit van Hong Kong het ons ’n ooreenkoms oor studenteuitruilaksies onderteken. In die jaar wat voorlê, sal ons dié ooreenkoms uitbrei om ook navorsingsamewerking en personeeluitruilaksies in te sluit.



*Besoek aan die Chinese Universiteit van Hong Kong*

Laastens is prof Jonathan Jansen, vername professor in die Fakulteit Opvoedkunde, genooi om die **Akademiese Raad** van **Stanford-universiteit** op 17 Mei toe te spreek (klik hier) om die 50 jaar sedert die stigting van hul **Fakulteitsenaat** in 1968 te gedenk. Prof Jansen het sy PhD aan Stanford verwerf.

## 5.4 Klem op Afrika

Die US se Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA) het besoek ontvang van die Europese Kommissie en die Afrika-unie om die **TRECCA-program vir mobiliteit in die AKP-streek** wat dié twee organisasies by die US onderneem, te beoordeel. Die SSA het ook met die Europese Kommissie se Onderwys-, Oudiovisuele en Kultuurbestuursagentskap (EACEA) in Brussel ontmoet om inligting oor die Stellenbosch-ervaring met hulle te deel en terugvoering oor intra-AKP-mobiliteitsprogramme te bied.

Die sekretariaat van die **NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE)** het die vennootvergadering van die Zambezi-waterloopkommissie (ZAMCOM) se Water-Energie-Voedselneksusprojek in Harare, Zimbabwe, bygewoon, en was ook by die Wêreldwaterforum in Brasilië om ’n voorlegging te doen oor die NEPAD SANWATCE ACEWATER2-menslikevermoëbouprojek. Vir laasgenoemde projek is werksessies gehou in ál vyf lidstate van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap wat aan die proeffase deelneem (Malawi, Suid-Afrika, Mosambiek, Zambië en Botswana). Die werksessies het nasionale belanghebbendes byeengebring om nasionale konsepplanne/-raamwerke vir menslike vermoëbou te bespreek.

Verteenwoordigers van US Internasionaal en die Fakulteit Regsgeleerdheid het **Strathmore-universiteit**, Kenia, besoek om die bilaterale vennootskap tussen die US en Strathmore te bespreek. Dié vennootskap beoog om deur die Afrikasentrum vir Akademieskap ’n uitruilprogram vir regstudente te ontwikkel en om Strathmore as gasheer vir die US se studente in die program BCom Internasionale Besigheid te vestig.

Die SSA het in die week van 9 April die tweede US-program vir Internasionale Administrateurs (**SUPIA**) in samewerking met die EU se EACEA aangebied. Afgevaardigdes van die universiteite van Ghana, Nairobi (Kenia), Botswana, Dar es Salaam (Tanzanië), Eldoret (Kenia), Namibië, Mauritius en Mekelle (Ethiopië) sowel as van Strathmore- (Kenia) en Makerere-universiteite (Uganda) het deelgeneem aan opleidingsessies oor internasionale programbestuur en -implementering. Die groep het ook by die byeenkoms van die Stellenbosse Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) aangesluit (sien 5.2).

### 5.5 Besoekende afvaardigings

US Internasionaal het in die verslagtydperk **42 afvaardigings** ontvang. Hulle was van Duitsland (12), die Verenigde Koninkryk (VK) (3), die Verenigde State (VSA) (9), Swede (1), Roemenië (1), Frankryk (1), Nederland (1), Botswana (2), Zambië (1), Ysland (1), Ethiopië (2), België (3), Colombia (1), Noorweë (1), Zimbabwe (1) en Brasilië (2).

Die afvaardigings van die Seattle-, Clark-, Texas Christelike, Northwestern- en Fordham-universiteite (almal van die VSA) het op die ontwikkeling van Study Abroad-programme vir hulle studente gekonsentreer. Navorsingsamewerking was die fokus van die besoeke deur die Universidad del Rosario, Bogotá, in Colombia, die Noorweegse Instituut vir Bio-ekonomiese Navorsing (NIBIO) en die universiteite van Zambië, Noord-Georgia (VSA) en die staat Pennsilvanië (VSA). Die afvaardigings van die Universiteit van Michigan (VSA), King's College Londen (VK), FU Berlyn (Duitsland) en die universiteite van Hamburg (Duitsland) en Uppsala (Swede) wou hulle bestaande vennootskappe met die US verder ontwikkel. Laastens het die afvaardigings van die Botswana Internasionale Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie, Mekelle-universiteit van Ethiopië en die Universiteit van Botswana onderskeidelik die US besoek om hulle bedrywighede op die gebied van studentesake en -leierskap, internasionalisasie en bedryfstrategie met ons s'n te vergelyk.

### 5.6 Internasionalisasie deur sport

Stellenbosch is een van twee nuwe bestemmings op die kalender van die **UCI Wêreldbeker**, en die eerste seisoensbyeenkoms vir veldfietsryers is in Maart by Coetzenburg aangebied. Maties Sport wil die US graag as 'n voorkeurbestemming vir groot geleenthede vestig.

Twee van Maties Parasport se staatmakers, Dyan Buis en Charl du Toit, het in April Suid-Afrika se medalje-oes by die **Statebondspele** in Australië 'n hupstoot gegee deur silwer en brons in die 100 m-item in die T38-klas te wen. Charl, wat gewoonlik in die T37-klas meeding, het ook die wêreldrekord in hierdie klas laat spat. Reinhardt Hamman (T38) het 'n brons medalje in die gewigstoot-item gewen, terwyl Matie-swemmer Christian Sadie 'n silwer medalje in die 50 m-vryslag (S7) gewen en 'n persoonlike beste tyd behaal het.

## 6. Bevordering van sistemiese transformasie

Sistemiese transformasie is een van sewe institusionele strategieë wat in ons *IP 2018–2023* uiteengesit word. Om transformasie as sistemies te beskou impliseer dat alle aspekte van die universiteitslewe by die transformasie- en vernuwingsproses betrokke is, en terselfdertyd tot die transformasie van die samelewing bydra.

### 6.1 Visuele regstelling

Ons het in Augustus 2017 aan die Raad verslag gedoen dat visuele regstelling in die US se Transformasieplan as 'n kern- institusionele prioriteit geïdentifiseer is. Ons het ook genoem dat 'n taakgroep onder leiding van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel saamgeroep is om aanbevelings oor naamsveranderingsprosedures te ontwikkel, sowel as beleidsbepalings wat visuele regstelling en die transformasiegerigte vernuwing van openbare ruimtes, simbole, geboue en fasiliteite sal bevorder.

Die jongste nuus is dat ’n **nuwe beleid oor visuele regstelling** in wording is. Totdat dit aanvaar word, sal ’n **tussentydse Komitee oor Visuele Regstelling** omgewings van die Universiteit adviseer en lei met betrekking tot spesifieke vorme van regstelling wat hulle wil onderneem. Intussen sit die Komitee vir die Naamgewing van Geboue en Lokale onder leiding van die Registrateur hulle taak voort in pas met die tersaaklike beleid en prosedures, die Universiteit se Transformasieplan én in oorleg met Fasiliteitsbestuur.

## 6.2 Nuwe koshuis na Nkosi Johnson vernoem

’n Nuwe koshuis op ons Tygerberg-kampus is op 21 Mei na die ikoniese kindervigsaktivis Nkosi Johnson vernoem nadat ’n student dié naam in ’n kampuswye wedstryd voorgestel het. Die Rektoraat het die naam in die belang van visuele regstelling (sien 6.1), inklusiwiteit en die bevordering van ’n verwelkomende kampuskultuur goedgekeur.

Toe Nkosi Johnson in 2001 op 12-jarige ouderdom oorlede is, het hy reeds wêreldwyd ’n impak gehad met die kragtige boodskap dat ons diegene met MIV/vigs sonder diskriminasie moet aanvaar en versorg. Hy was ook ’n kritiese stem in die stryd om maatskaplike geregtigheid in ’n tyd toe vigsontkenning hoogty gevier het. In 2002 is hy in die gelyk gestel toe die Konstitusionele Hof die regering gelas het om antiretrovirale middels beskikbaar te stel aan swanger vroue in alle staatshospitale en -klinieke om MIV-oordrag van moeder na kind te help voorkom. Dít was na ’n hofgeding deur die Treatment Action Campaign en andere.

**Huis Nkosi Johnson** huisves 200 senior studente en is die jongste van drie nuwe koshuise wat die afgelope vier jaar op Tygerbergkampus opgerig is. Dit word as die “groenste koshuis in Afrika” bestempel weens sy EDGE- (“Excellence in Design for Greater Efficiencies”-)sertifisering. Die konstruksie van die koshuis het 45% minder boumateriaal en veel minder water as konvensionele metodes geverg, en het slegs 0,25% afval vergeleke met die 25% afval van standaardkonstruksie geskep. Sonpanele word gebruik om elektrisiteit vir verligting en verhitting op te wek, en ’n omvattende gryswaterstelsel vang stortwater op, wat dan behandel en vir besproeiing gebruik word.

## 6.3 Transformasiestrukture

Die **Transformasiekantoor** is opgeknap om dit ’n meer studente- en personeelvriendelike ruimte te maak, en het ook ’n nuwe programkoördineerder, me Babalwa Gusha, aangestel. Daarbenewens sal die Kantoor binnekort ’n kommunikasiebeampte en ’n fakulteitsprogrambestuurder verwelkom. Dít sal die entiteit in staat stel om die Transformasieplan verder te implementeer en transformasieverwante strukture by die US te ondersteun.

Die **Institusionele Transformasiekomitee (ITK)** het die ontwikkeling van fakulteitsgebaseerde transformasiekomitees aangevoor. ’n ITK vir studente is ook saamgestel om groter studenteverteenwoordiging te verseker. Die studenteliggaam sal in noue samewerking met die ITK funksioneer. Albei hierdie strukture sal jaarliks aan die Rektoraat verslag doen.

Raadpleeg die verslag van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel vir meer inligting.

## 6.4 Imbizo365 strategiese skakelingskalender

Die strategiese skakelingskalender bevorder openbare deelname aan die US deur belangrike nasionale dae met die Universiteit se strategiese prioriteite te verbind. Hierdie institusionele funksie word deur die Transformasiekantoor gekoördineer, en betrek die meeste fakulteite, PASD-omgewings en, in sommige gevalle, ook eksterne belanghebbendes.

Die skakelingskalender is in 2018 herverpak, en heet nou **Imbizo365**. Dit gebruik skeppende kunste, rolprentbesprekings, debatte en uitstappies om oor agt kalendertemas uit die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie met belanghebbendes te skakel. Die temas is menseregte en maatskaplike geregtigheid, demokrasie, Afrosentrisme en -bewustheid, jeugleierskap en -innovasie,

sosiale impak en betrokke burgerskap, genderkwessies, gestremdheid, erfenis en identiteit. Die doel is om kampusgesprekke te verdiep en uit te brei om ’n impak op die institusionele kultuur te hê.

Imbizo365-hoogtepunte vir Maart en April het die volgende ingesluit:

- Die veldtog #22yearslater, wat verskeie gesprekke oor menseregte en die Grondwet post-1994 ingesluit het, met inbegrip van ’n openbare etensuurbyeenkoms
- Die vertoning van die rolprent *Winnie* en ’n bespreking van wyle Winnie Madikizela-Mandela se nalatenskap
- ’n Openbare geleentheid en lesings oor “Die rol van struggle-liedere in ons bevryding” in die Musiekdepartement, met Muntu Nxumalo, voormalige politieke gevangene en musikant, as spreker

## 6.5 Afrikadag

Afrikadag word jaarliks op 25 Mei gevier om die stigting van die Organisasie vir Afrika-eenheid, voorloper van die Afrika-Unie, in 1963 te herdenk. Die US het Afrikadag met twee geleenthede gevier.

Die eerste geleentheid het op 24 Mei plaasgevind – die US se **eerste jaarlikse Afrikadag-lesing**, gelewer deur prof Jonathan Jansen, buitengewone professor in die Fakulteit Opvoedkunde. Die onderwerp was “Kan skole ’n inklusiewe Afrika-identiteit bou? Op die spoor van veranderings in die rassedemografie van skole sedert 1994” (klik hier vir ’n video).

In my konteksstelling het ek verduidelik dat ek hierdie lesingreeks instel in lyn met ons voorgestelde visie om “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit” te word, wat “wêreldwyd as inklusief en innoverend erken word”, ’n plek “waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”.

Ek het dr Blade Nzimande, voormalige minister van hoër onderwys en opleiding, aangehaal: “Om Afrika-universiteite te bou, beteken nie om universiteite te skep wat losstaan van die res van die wêreld nie. Hulle moet ingeskakel wees by die wêreld, maar nie bloot as verbruikers van globale kennis nie. Hulle moet ook voortbrengers van kennis wees – kennis wat plaaslik, vir die vasteland, vir die Suide en wêreldwyd relevant is.”

As ’n mens na ’n kaart van Afrika kyk, is Stellenbosch se spoor oral. Die Universiteit is by meer as 400 aktiewe projekte betrokke, saam met 600 vennote uit Afrika in 42 lande op die vasteland. Dit maak die US ’n belangrike rolspeler in navorsingsamewerking in Afrika.

Deur hierdie inisiatiewe en die vrugte wat dit afwerp, meen mnr Nico Elema, bestuurder van die US se Sentrum vir Samewerking in Afrika, versterk die US die boodskap dat Afrika daartoe in staat is om self te ontwikkel, om ’n beter toekoms vir sy mense te skep en om ’n volwaardige rolspeler in die internasionale arena te wees.

Die US se tweede Afrikadag geleentheid dié jaar was ’n seminaar op ons **Tygerberg-kampus**, met die tema **“Globale gesondheid: Tyd vir aksie in Afrika”**.

Later vanjaar sal ons ook **Afrika-universiteitedag** vier, wat jaarliks op 12 November gevier word om die stigting van die Genootskap van Afrika-universiteite (AAU) – waarvan die US lid is – in 1967 te gedenk.

In 2017 was 11,5% van ons studentekorps uit meer as 100 lande wêreldwyd afkomstig en het 67% van ons internasionale studente uit Afrikalande buite Suid-Afrika gekom. Dit is waarom ons glo dat die US deur inklusiwiteit, deurdringende en doelbewuste transformasie, en diversiteit gekenmerk moet word ten einde ’n florerende organisasie te word.

## 6.6 US neem standpunt in teen geslagsgebaseerde geweld

Die US het hom in ’n verklaring op 4 Mei by Universiteite Suid-Afrika (USAf) en ander hoëronderwysinstellings geskaar om geslagsgebaseerde geweld te veroordeel. Dít was in reaksie op die moord op ’n vrouestudent by Mangosuthu Universiteit vir Tegnologie.

Die US is bewus van ons rol om ons **studente toe te rus** om geslagsgeweld te herken en daarteen op te tree. Ons steun- en ontwikkelingsinisiatiewe is daarop toegespits om ons studente agente vir verandering te maak – nie net deur hulle toe te rus om magsmisbruik, geslagsgeweld en manifestasies van verkragtingskultuur te herken nie, maar ook deur hulle in staat te stel om op te tree teen die samelewingstrukture en -stelsels wat sulke tipe gedrag laat voortduur. Ons sal ’n ambisieuse **opleidings- en bewusmakingsprogram** van stapel stuur wat studente en personeel sal toerus met die vaardighede om op die onderliggende praktyke, houdings en oortuigings van verkragtingskultuur en geslagsgeweld in ons samelewing te reageer én dit te verander.

## 6.7 Transformasie in sport

Maties Sport se hoëprestasiespanne het vir 2018 ’n bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-profiel van **35%** vir vroue en **32%** vir mans behaal. Dít is ’n verbetering op die 2017-syfers van 33% vir vroue en 28% vir mans. Die doelwit is 40% teen 2020.

# 7. Verbetering van sistemiese volhoubaarheid

Volgens die *IVS 2013–2018* is die verbetering van die US se sistemiese volhoubaarheid ’n fokusgebied van die Universiteit. Volhoubaarheid word in die *IP 2018–2023* omskryf as ’n sistemiese begrip wat verband hou met die kontinuïteit van ekonomiese, maatskaplike, institusionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewing. Ons erken ook dat die noodsaaklike werksaamhede van ’n hoëronderwysinstelling minstens ekologies regverdigbaar, sosiaal billik en ekonomies lewensvatbaar moet wees – nie net nóú nie, maar ook vir toekomstige geslagte.

## 7.1 Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024

Die raadplegende proses om die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 te ontwikkel, **nader nou voltooiing**. Die proses staan onder leiding van prof Hester Klopper, Adjunkvisekanselier: Strategie en Internasionalisasie. Lede van die Institusionele Beplanningsforum (IBF) het in Februarie geleentheid ontvang om op die voorgestelde kernstrategieë en -doelwitte kommentaar te lewer. Hulle het ook die eerste vlak van oogmerke vir hierdie doelwitte help bepaal, sowel as hoëvlak-kernprestasieaanwysers. Dít was ’n belangrike raadplegende stap, want die deelnemers het uitvoerende bestuurslede sowel as senior bestuur van fakulteite én professionele administratiewe steundienste (PASD) ingesluit. Die IBF se bydraes is verwerk en by die voorlegging aan die Raad op 26 Maart ingesluit. Lede van die Raad, fakulteite en PASD-afdelingshoofde is die geleentheid gebied om op die konsepdokument kommentaar te lewer, met die oog op voorlegging aan die Raad op **18 Junie** vir goedkeuring. As dit verkry word, sal Fase 1 van die strategieproses tot ’n einde kom. Fase 2 en 3 – onderskeidelik die **inwerkingstelling** van die raamwerk, en die oorbrugging van die gaping tussen strategieformulering en -**implementering** – begin daarná.

## 7.2 Hersiening van die Statuut

’n **Eerste konsep** van ’n voorgestelde nuwe Statuut vir die Universiteit is in April as deel van ’n interne en openbare **oorlegplegingsproses** uitgereik. Dít spruit uit ’n Raadsbesluit van 26 September 2016 wat vir ’n grondige hersiening van die Statuut gevra het. ’n Taakgroep onder leiding van die Registrateur, dr Ronel Retief, het met kenners saamgewerk en bydraes by werksessies ingewin om die konsep op te stel. Die taakgroep het aangedui dat die dokument vir bespreking en kommentaar voor fakulteitsrade en ander Universiteitsliggame sou dien. Eksterne belanghebbendes is ook genooi om kommentaar te lewer. Volgens die beplanningstydlyn sal ’n

finale konsep in November vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word. Klik hier vir verdere inligting.

## 7.3 Hersiening van Beleid oor Onderrig en Leer

Die Viserektor: Leer en Onderrig het die proses vir die hersiening van die Beleid oor Onderrig en Leer (van 2012) in Mei 2017 van stapel gestuur. Die Rektoraat het die volgende opdrag goedgekeur vir die taakgroep wat vir dié doel saamgeroep is:

- Om die beleid met die hersiene US Strategie vir Onderrig en Leer te versoen (wat die Senaat in Maart 2017 aanvaar het)
- Om huidige teorieë oor leer en onderrig in ag te neem
- Om die huidige leer- en onderrigkonteks in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys in ag te neem
- Om die verband tussen die Beleid oor Onderrig en Leer en ander interne én moontlike tersaaklike nasionale beleide te oorweeg
- Om enige ander kontekstuele kwessies te oorweeg wat moontlik relevant kan wees

Die taakgroep het vyf vergaderings gehad en twee konsepte van die beleid vir kommentaar en terugvoering aan fakulteite en PASD-omgewings voorgelê. Die terugvoering is so ver moontlik by daaropvolgende vergaderings ingesluit. Fakulteite is in kennis gestel hoe hulle terugvoering by die beleid ingebou kon word, of indien nie, waarom nie. Die finale **konsep** van die beleid is in April vir kommentaar aan die Rektoraat voorgelê, en by die skryf van hierdie verslag sou die taakgroep in Mei ’n finale vergadering hê om die terugvoering by die beleid in te sluit. Daarna sal die beleid die formele goedkeuringsroete na die **Raad** via die **Institusionele Forum** en **Senaat** volg. Die taakgroep is ook van plan om ’n afsluitingsverslag op te stel oor kwessies wat nie met die hersiene beleid hanteer kon word nie.

## 7.4 Fakulteitvernuwingstrategie

ʼn Vernuwingstrategie vir die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, sowel as die Fakulteit Opvoedkunde, het ʼn strategiese prioriteit geword. ʼn Proses is ontwikkel om die fakulteite in die vernuwingstrategie te ondersteun. By ons vergadering op 18 Junie sal prof Hester Klopper, wat die inisiatief lei, die Raad op hoogte van vordering tot dusver bring.

## 7.5 US Eeufeesprojek

Die US Eeufeesprojek het voortgegaan binne die raamwerk en konteks wat met die verwelkoming van eerstejaars in Januarie geskep is. Onder leiding van Korporatiewe Kommunikasie se handelsmerkspan is die Eeufeeshandelsmerk ook op uitgesoekte geboue en in spesifieke ruimtes aangebring ooreenkomstig die gefaseerde handelsmerkbenadering.

Die eerste spesiale Eeufeesgeleentheid, die **produksie *100% Stellenbosch***, het van 23 tot 25 Februarie in samehang met die US Woordfees plaasgevind.

Op 1 Maart het ons die **Eeufeesboek**, *Universiteit Stellenbosch 100: 1918-2018*, bekend gestel en die **Eeufeesuitstalling** in die US Argief geopen. Twee vorige rektore van die Universiteit, proff Andreas van Wyk en Chris Brink, het vir die geleentheid by ons aangesluit.







**Die Eeufeestuiskomskonsert** het op 2 Maart plaasgevind, weer in samehang met die US Woordfees. Die Eeufeeshandelsmerk was oral te sien – van die twee verhoë tot die alumnitent, en selfs op die Eeufeeslapelwapens wat elkeen as ’n aandenking ontvang het. Gaskunstenaars het Laurika Rauch, Coenie de Villiers, Arno Carstens, Valiant Swart, Gloria Bosman, Tim Moloi, Mi Casa, die US Koor en Heavenly Quartez ingesluit. Dit was vir almal ’n genotvolle aand, en ’n wonderlike geleentheid om die US Eeufees deur die universele taal van musiek te vier.

Die **Eeufeesoptog** op 3 Maart het in ’n nadenkende stemming by die Ou Lückhoffskool in Banhoekweg begin. Die skool is doelbewus as beginpunt gekies om erkenning te verleen aan die inwoners van die buurt Die Vlakte wat gedurende apartheid onder dwang verskuif is.



Studente van die Militêre Akademie en die Vlootorkes het in Victoriastraat aangesluit en die optog gelei tot by Coetzenburg, waar die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag ’n parade gehou het.

Die US het op 5 Maart die geleentheid van die **Varsitybekerwedstryd tussen die US en die Universiteit van Kaapstad (UK)** benut om die totstandkoming van albei hierdie universiteite in 1918 te vier. Met Korporatiewe Kommunikasie se hulp is die US Eeufeeshandelsmerk selfs meer sigbaar gemaak. Die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge het tot die glans van die geleentheid bygedra deur oud-Matie-Springbokke na ’n onthaal voor die wedstryd sowel as die wedstryd self te nooi.

Met rustyd het ek en my UK-eweknie, prof Max Price, ’n reuseverjaardagkoek gesny waarop albei universiteite voorgestel is. En die Matiespan het die Universiteit trots gemaak en gewen.



Nóg 'n hoogtepunt op ons kalender vanjaar was die **Eeufeesgaladinee** op 23 Maart. Gaste het die Wes-Kaapse premier, die burgemeester van Stellenbosch, ontvangers van eredoktorsgrade, gemeenskapslede en ander belanghebbendes ingesluit. My toespraak by die geleentheid (klik hier vir 'n video) is in 'n meningsartikel omskep, wat om en by die Universiteit se amptelike verjaardag op 2 April in *Cape Argus* en *Die Burger* verskyn het.

Ook as deel van ons Eeufeesaktiwiteite het die US Museum op 12 April die derde Nelson Mandela-kollokwium in vennootskap met die Nelson Mandela Museum aangebied. Ek het die geleentheid geopen, waar prof Jonathan Jansen, dr Wilhelm Verwoerd, me Malaika Mahlatsi en me Nwabisa Makunga sprekers was. Die tema was "Nelson Mandela en die Universiteit Stellenbosch op 100" omdat sowel die US as Madiba in 1918 gebore is.

Die US Museum sal ook vanjaar drie Eeufeesuitstallings aanbied. 'n Uitstalling oor die **museumgebou** self, wat voorheen Bloemhofskool was, het op 8 Mei geopen.

***US deur 100 artefakte*** open op 5 Desember. Hierdie uitstalling sal die verhaal van die Universiteit oor die afgelope eeu met behulp van 100 items vertel. (Die kurator sal bydraes verwelkom. Klik hier vir meer inligting.)


Die bekendstelling van ***vorentoe? VORENTOE! Vorentoe …*** word ook vir 5 Desember beplan. Hiervoor sal kunswerke gebruik word wat deur skareversoeke bekom is om die toekoms van die Universiteit en die hoër onderwys oor die volgende 100 jaar voor te stel. Klik hier vir meer inligting.

## 7.6 Kampussekuriteit

Die vier hoofkomponente van die US se sekuriteitstrategie is (i) sigbare sekuriteitspatrollies en flink voorvalreaksievermoë, (ii) kommunikasie en bewusmaking met die oog op veral die studentegemeenskap, (iii) die gebruik van geslotekringtelevisie en sekuriteitstegnologie om patrollies, inhegtenisnames en skuldigbevindings te ondersteun, en (iv) vennootskappe met eksterne misdaadbestrydingsagentskappe.

Kampusmisdaadstatistieke die afgelope 12 jaar toon 'n wisselende tendens en neig effens afwaarts op lang termyn. Die grafiek hieronder bevat 'n samevoeging van alle misdaadvoorvalle wat Kampussekuriteit van 2005 tot 2017 opgeteken het. Hoewel ons dankbaar is vir die **dalende misdaadtendens**, kan ons nie oorgerus raak nie, want dit verg slegs een groot misdaadvoorval om institusionele skade te veroorsaak.

Straatroofvoorvalle naby **Tygerbergkampus** het die afgelope maande toegeneem, en gaan ook met al hoe meer gewelddadige gedrag gepaard. Kampussekuriteit het met kontrakdiensverskaffers en eksterne vennote geskakel om die gebied buite die kampushoofingang te beveilig. Hierdie intervensies het onlangs vrugte afgewerp toe 'n berugte groep rowers aangekeer is.




*Tabel 5: Totale misdaadverwante voorvalle aangemeld per kwartaal, 2005–2017*

Geen misdaadvoorvalle het die afgelope jaar op Ukwanda-kampus op **Worcester** voorgekom nie. Dít kan toegeskryf word aan die uitleg van die kampus, omheining en toegangsbeheer, doeltreffende sekuriteits- en reaksiedienste deur ’n bekwame plaaslike sekuriteitsdiensverskaffer, sowel as ’n studentegemeenskap wat hulle eie sekuriteitsrisiko’s op kampus doeltreffend bestuur.

Sekuriteitsmaatreëls by **Welgevallen**-proefplaas, die **Coetzenburg**-sportfasiliteite, die kontoerpaaie in die **berg** sowel as die **perdestalle** is onlangs verskerp met die ontplooiing van twee multi-terreinpatrollievoertuie.

Ons nuwe sekuriteitsdiensverskaffer, **Pro Events**, **het aan die begin van April by G4S oorgeneem**. Pro Events het ook die meeste van G4S se personeellede ingeneem. Die oorgang het vlot verloop en ons is in ons skik met die maatskappy se prestasie in April, onder meer sy belegging in voertuie en toerusting vir ons kampusse sowel as uitstekende bestuurspraktyke.

## 7.7 Waterkrisis

Die US kon daarin slaag om sy **drinkwaterverbruik sedert 2015 met 45% te verminder** deur middel van ’n ingrypende sistemiese verandering in hoe die instelling water hanteer sowel as hoe die kampusgemeenskap dit gebruik.

Fasiliteitsbestuur het ’n wateroptimaliseringstrategie ingestel met die oog daarop om verskillende waterbronne so goed moontlik te benut. Spesifieke stappe sluit in die bestuur van waterkwantiteit en -kwaliteit, nuwe elektroniese meters en ’n paneelbord, sowel as ’n droogtereaksieplan. Gryswatermeesterplanne vir Stellenbosch- en Tygerbergkampus is ook voltooi.

’n Aantal boorgate is op ons kampusse gesink om watersekerheid te voorsien – ses op Stellenbosch, vyf by Tygerberg en drie by Mariendahl. In Bellville sal water uit die steengroef verkry word. Al hierdie water sal by die bestaande watertoevoernetwerke ingevoer word om ons afhanklikheid van munisipale water te verminder.

’n Meesterplan vir watervoorsiening aan Coetzenburg en Welgevallen is voltooi en die eerste fase word tans in werking gestel. Dit sal ononderbroke toevoer verseker en bykomende vermoë vir toekomstige uitbreidings by Welgevallen voorsien (sien ook 4.1).

## 7.8 Nutsdiensbestuur

Meer as **400 elektrisiteitsmeters en 200 elektroniese watermeters** is by die US geïnstalleer om nutsdienste beter te bestuur. Dit sal ons help om ons afhanklikheid van fossielbrandstof te verminder, ons koolstofvoetspoor te verklein en ons kweekhuisgasvrystellings te verlaag. Sodoende word die Universiteit op lang termyn meer omgewings- en finansieel volhoubaar.

Die nuwe watermeters maak dit moontlik om spesifieke geboue se verbruik afsonderlik te monitor in plaas van ’n aantal geboue saam soos vantevore. Ons het op dié manier ’n groot lekkasie by een van ons koshuise opgespoor, wat nie vantevore moontlik was nie. En ons reaksietyd in ons ‘oorlog teen waterlekkasies’ is nou gesny tot maksimum ’n uur.

## 7.9 Korporatiewe Kommunikasie

As deel van die implementering van sy Geïntegreerde Kommunikasiestrategie (GKS) het die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie in die verslagtydperk twee universiteitswye prosesse van stapel gestuur, naamlik die **Inhoudsnaaf** en ’n **webherontwerppaneel**. Hierdie twee aspekte word saam met ander aktiwiteite van die afdeling hieronder bespreek.

### 7.9.1 Inhoudsnaaf

Die **proeffase** van die Inhoudsnaaf, synde ’n prioriteitselement van die implementering van die GKS, duur van 1 Maart tot 31 Augustus. Gedurende dié fase word oplossings ondersoek om US-inhoud, -nuus en -inligting doeltreffend te identifiseer en te versamel, en dit dan binne ’n gesinchroniseerde, gekoördineerde en goed beheerde struktuur na primêre en sekondêre belanghebbendes te versprei. Die einddoel is om belangrike strategiese boodskappe op grond van die institusionele prioriteite vir 2018 te kommunikeer, naamlik die handhawing van uitnemendheid, die verbreding van toegang en die versterking van sosiale impak.

Die Inhoudsnaaf het tot dusver die volgende tot stand gebring:


- ’n Nuuskantoor met drie joernaliste, ’n multimediavervaardiger en ’n Inhoudsnaafbestuurder
- Basiese werkroetines en -prosesse, soos ’n gemeenskaplike, sentrale e-posstelsel, geïntegreerde nuusvergaderings vir alle rolspelers, tegniese opleiding in die hantering van stelsels en toerusting, en gehaltebeheer vir die goedkeuring van inhoud, redigeer- en vertaalwerk
- ’n Interne kommunikasienetwerk binne Korporatiewe Kommunikasie om werkvloei te stroomlyn en spanwerk tussen onderafdelings van Korporatiewe Kommunikasie en US-kommunikeerders aan te moedig
- Eksterne kommunikasiekanale tussen die Inhoudsnaaf en kommunikeerders van sommige fakulteite, departemente, steundienste en ander eenhede
- Inhoudseleksie volgens bepaalde institusionele temas en kernboodskappe. Hierdie sterker klem op kernboodskappe is reeds met verskeie US-geleenthede en -aktiwiteite op die proef gestel.

### 7.9.2 Webherontwerppaneel

Die tweede prioriteitsproses, wat onder leiding van Korporatiewe Kommunikasie se Eenheid Digitale Kommunikasie staan, is die vestiging van ’n **webherontwerppaneel** (WHP). Hierdie voorgestelde nuwe struktuur sal die herontwerp van die US-webtuiste ondersteun, onderworpe aan goedkeuring en die beskikbaarheid van finansiering. Die **beweegrede** is dat die webtuiste ’n veel groter rol vervul as om net inligting aan webbesoekers te voorsien – dit dien as ’n kernraakpunt vir die handelsmerk en posisionering van die US.

### 7.9.3 Eeufeeshandelsmerkidentiteit

Die Eeufeeshandelsmerkhandleiding, -gereedskapkis en -kunswerk blyk van groot waarde te wees vir interne belanghebbendes, met bykomende steun van Korporatiewe Kommunikasie se Handelsmerkdepartement om die handelsmerk toe te pas en in gebruik te neem. Die oorhoofse doel is om ’n omvattende, geïntegreerde handelsmerkbestuurstelsel tot stand te bring wat belanghebbendes in staat stel om handelsmerkkampvegters in hulle omgewings te word as deel van die proses vir handelsmerkversoening en -bestuur.  Die **lesse uit die implementering van die Eeufeeshandelsmerkidentiteit** sal as grondslag dien vir die US-handelsmerkhersieningsproses onder leiding van dr Phumzile Mmope, Senior Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie. ’n Handelsmerkwaardasie sal binnekort begin as die volgende stap in hierdie hersieningsproses. Met dít in gedagte, is ’n visuele voorstelling van die huidige US-handelsmerkargitektuur en -landskap ontwikkel:




Daarbenewens was die Maart-gradeplegtighede ’n geleentheid om die ontvangers van eredoktorsgrade, graduandi, hulle familie en vriende van die Eeufees bewus te maak..



’n Verdere geleentheid om die US Eeufeeshandelsmerk uit te bou, was die Eeufees-galadinee. Ál die visuele raakpunte het om die Eeufees-handelsmerkidentiteit gedraai, wat soos ’n “platinumdraad” deur alle elemente van die geleentheid geloop het – van die e-posuitnodiging tot die handelsmerk-

materiaal in die ingangsportaal sowel as die dekor, soos die onderborde en tafelnaamkaartjies. Hierdie geleentheid was ook ’n platform om die US se kernboodskappe oor te dra, waaronder die erkenning van die instelling se rol in die onreg van die verlede, en sy verbintenis tot regstelling en om saam vorentoe te beweeg.

### 7.9.4 Eeufeeskommunikasie

Korporatiewe Kommunikasie se bydrae tot die Universiteit se Eeufeesjaar sluit ook **kommunikasie-inisiatiewe** vir elke maand van 2018 in. Dít word uiteengesit in die Eeufeeskommunikasieplan en berus op die institusionele strategieë en temas, die US se goedgekeurde algemene skakelingstemas sowel as die Eeufeesoogmerke, -tema en -narratief. Tot dusver is die volgende Eeufeesspesifieke kommunikasie-elemente in werking gestel:

- **#Matiestemme**: Hierdie veldtog, wat in samewerking met Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) aangebied word, volg die lewensreis van alumni, studente, personeellede en belanghebbendes van die US. Die veldtog word op die US se sosialemediaplatforms gevoer, sowel as op die Eeufeeswebtuiste, wat gedurende die verslagtydperk altesaam 11 692 bladbesigtigings ontvang







- **#SUinHistory**: Dié veldtog, wat ook op die US se sosialemediaplatforms gevoer word, lig veranderinge by die US oor die afgelope 100 jaar uit.






- **Spesiale Eeufeesnuusbrief** vir personeel: 'n Spesiale uitgawe van die elektroniese nuusbrief, nuus@StellenboschUni, met 'n spesifieke klem op die Eeufees [klik hier om te lees]







### 7.9.5 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte

Kampusgebeure en die Universiteitskalender het verskeie goeie sosialemediageleenthede gebied, wat Korporatiewe Kommunikasie se reikwydte en skakeling oor alle sosialemediakanale heen uitgebrei het.

Die US se **teenwoordigheid op sosiale media** groei konstant, en die Universiteit se Facebook-volgelinge nader die honderdduisendkerf. 'n Bydraende faktor is die Inhoudsnaaf, wat 'n aanhoudende stroom en 'n wye verskeidenheid inhoud bied om te gebruik.

Video's (veral kort en kitsvideo's) is baie gewild. 'n Paar noemenswaardige video's was soos volg:

- Kort videogrepe oor die eredoktorsgraadontvangers het besonder goed gevaar. Gemiddeld 500-600 besigtigings is op Twitter ontvang, met behoudsyfers van 12-20%.
- Kitsonderhoude met my gedurende die Kaapstad-fietstoer het 4 000 besigtigings op Facebook ontvang, 'n behoudsyfer van 25% op Twitter, en gemiddeld 105 klikke op Instagram.

**Spesifieke veldtogte**


- **#SUgrad:** Benewens die inhoud wat die Inhoudsnaaf skep, het gebruikers self ook heelwat inhoud die lig laat sien. Hierdie plasings dien as belangrike getuigskrifte van die US se impak op die lewens van studente en hulle families.






- **Waterveldtog:** Die US se waterbesparingsveldtog, wat in 2017 van stapel gestuur is, is in die verslagtydperk bygewerk. Die veldtog spog nou met ’n vars voorkoms en gevoel, en kommunikasieboodskappe is na aanleiding van die jongste droogteverwante ontwikkelings aangepas. Die veldtogkomponente sluit die volgende in:
    - ’n E-posbanier oor water is in werking gestel.
    - Waterbeperkingskennisgewings met besonderhede oor waterbeperkingsvlakke is op die US se Facebook- en Twitter-platforms geplaas.
    - Kort video-opnames waarin studente waterbesparingswenke gee, is op sosiale media geplaas, sowel as geanimeerde video’s wat die US se waterbesparingsinisiatiewe ten toon stel.
    - Artikels oor waterbesparingsmetodes en -navorsing deur US-akademici is op die US-webtuiste en die Facebook-, Twitter- en Instagram-platforms geplaas en waterbesparingswenke is weekliks gepubliseer.

Hieronder is ’n paar voorbeelde van waterbesparingsartikels, -wenke en -peilings wat geplaas is.







### 7.9.6 Interne kommunikasie

Die resultate van die interne kommunikasieoudit van Februarie word tans ontleed. Die finale ouditverslag is in Mei ontvang. Die oudit het uit ’n aanlyn opname en fokusgroepe met studente en personeellede bestaan. Die resultate en aanbevelings sal die grondslag uitmaak vir die konseptualisering en implementering van ’n interne kommunikasieplan om kommunikasiekanale, -protokolle en -prosesse in pas met die US se strategiese prioriteite te verbeter. Personeel het tien uitgawes van info@StellenboschUni en nuus@StellenboschUni volgens hulle bepaalde taalvoorkeure ontvang. Dít het ’n spesiale Eeufeesuitgawe van nuus@StellenboschUni op 6 April ingesluit:

Terugbonssyfers bly uiters laag vir alle nuusbriewe (onder 1%), wat toegeskryf kan word aan die hoë gehalte van die data wat Korporatiewe Kommunikasie van sowel Menslike Hulpbronne (personeel) as die Studente-inligtingstelsel (studente) ontvang . Van die gewildste items onder personeellede was die oproep om vrywilligers om volwasse leerders te onderrig, Kommunikasie uit die Raad (28 Maart) en die internasionale mobiliteitsgeleenthede vir personeellede.

Korporatiewe Kommunikasie het die Registrateursafdeling met kommunikasie vir die hersiening van die US Statuut bygestaan. Dít het advertensies in die media en die verspreiding van ’n massa-e-pos aan personeellede en studente op 24 April ingesluit. Die Afrikaanse en Engelse massa-e-pos het leessyfers van onderskeidelik 33,6% en 33,6% vir personeel, en 63% en 61,4% vir studente ontvang.

Om die hersiening van die US se Visie en Strategiese Raamwerk te ondersteun, is ’n massa-e-pos op 3 Mei aan personeellede en studente gestuur, waarvan die Afrikaanse en Engelse weergawes leessyfers van onderskeidelik 26,8% en 28,2% vir personeel, en 55,7% en 55,9% vir studente behaal het.

### 7.9.7 Geïntegreerde jaarverslag

Die US se **geïntegreerde jaarverslag van 2017**, met inbegrip van die fakulteitsverslae en finansiële verslag, is op 18 April aan die Oudit- en Risikokomitee van die Raad voorgelê. Die verslag is goedgekeur, met voorstelle ter verbetering. Dit word nou uitgelê om op 18 Junie vir goedkeuring voor die Raad te dien, waarna dit gepubliseer sal word.

### 7.9.8 Belanghebbendeskakeling

Korporatiewe Kommunikasie se Belanghebbendeverhoudinge-span het ’n besonder bedrywige twee maande agter die rug weens die klomp aktiwiteite wat met die US Eeufees verband hou. In die week van 19 tot 23 Maart was dié span en ander lede van Korporatiewe Kommunikasie betrokke by ses gradeplegtighede, die Kanseliersmiddagete en die Eeufeesgaladinee. Dít het belanghebbendeverhoudinge, geleentheidsbestuur sowel as handelsmerkposisionering behels.

Voldoening aan geleentheidsverwante wetgewing is ’n voorvereiste vir die US. Om dié rede, en as gevolg van die immer toenemende getal graduandi (en dus ook graduandi se gaste by gradeplegtighede), het Korporatiewe Kommunikasie ’n proefprojek aangevoor om gastekaartjies per graduandus uit te reik. Saam met regstreekse stromingsfasiliteite in die Sportwetenskapgebou, het dié projek die ruimtebeperkings wat al hoe meer met gradeplegtighede ervaar word, help verlig.

## 7.10 Die US in die nuus (eksterne kommunikasie)

Die US het in Februarie die **eerste plek ingeneem** in die moniteringsmaatskappy PEAR se ranglys – bo Wits en die UK. Dít kan toegeskryf word aan die US se besige geleentheidskalender, wat vanjaar die Eeufeesgeleenthede benewens die jaarlikse Woordfees en Maart-gradeplegtighede insluit.

Die media het ook oor institusionele nuus berig, soos die sooispitseremonie vir die Jan Mouton Leersentrum (*Die Burger*) en die afsterwe van die legendariese Matie-akademikus prof Sampie Terreblanche.

US-navorsers en ander denkleiers het in dié tyd meer as **60 meningsartikels** die lig laat sien. Gereelde bydraers in hierdie verband is proff Amanda Gouws, Pumla Gobodo-Madikizela, Jonathan Jansen, Nico Koopman en Thuli Madonsela, sowel as drs Chris Jones en Leslie van Rooi. Dis bemoedigend dat ’n toenemende aantal US-personeellede van hierdie geleenthede gebruik maak.

Die Mediakantoor van Korporatiewe Kommunikasie het die media van kennerslyste vir die Wêrelddag vir Vroue en Meisies in die Wetenskap, die staatsrede, die begrotingstoespraak, Menseregtedag, Vryheidsdag, Werkersdag en die Wêrelddag vir Intellektuele Eiendom voorsien.

Navorsingsartikels wat goed gevaar het in die media sluit die volgende in:

- Regsbedryf diskrimineer teen mense met disleksie
- US-navorsers ontwikkel bloedtoets wat TB-infeksie voorspel
- Wiskundeonderwysers sukkel met Engels
- Vyf maniere om 5 g of minder sout per dag te gebruik
- Ontmoet die KUZE – ’n vernuwende produk wat kindergesondheid bevorder
- Kapenaars lees nie inligting op voedseletikette
- Biodiversiteit trek swaar in warmer klimaat
- Mediese student gekies om ‘die wêreld te help verander’
- Huisartse verbeter gesondheidsorg in SA se landelike gemeenskappe

Die US Regskliniek se verteenwoordiging van die SA Paralimpiese swemmer Hendri Herbst, wat toegang tot 'n restaurant geweier is omdat hy sy gidshond by hom gehad het, het heelwat media-aandag getrek, en onder meer die *Cape Argus* het daaroor berig.

Die Maart-gradeplegtighede was weer 'n ryke bron van mediaberigte, waaronder die volgende:

- Nagraadse Skool bereik belangrike mylpaal in Universiteit se Eeufeesjaar
- Alberto ontvang eerste Meestersgraad in Ramprisikowetenskap en -ontwikkeling
- 'n Meestersgraad cum laude in haar senior jare
- 'Om gemeenskap te help' die motivering agter Rory se PhD
- US-student se magistergraad word opgegradeer na 'n PhD
- Ma en dogter vang saam graad by die US

Die meeste van hierdie artikels is deur Korporatiewe Kommunikasie opgestel, en sommige deur die kommunikasiebeamptes in fakulteite.

Die toekenning van 13 eredoktorsgrade as deel van die US Eeufees het ook goeie mediadekking ontvang. Berigte het in verskeie media verskyn, waaronder die *Cape Times* en *Die Burger*.

**US Eeufeesgeleenthede** het heelwat media-aandag ontvang. Voorbeelde sluit in 'n onderhoud met my in die *Sunday Times*, die verwelkomingsgeleentheid (*Die Burger, Eikestadnuus*), die bekendstelling van die Eeufeesboek en -uitstalling (*Eikestadnuus, Son op Sondag, Cape Argus*), die Eeufeeskonsert en -familiedag (*Die Burger*) en die Eeufeesgaladinee (*Die Burger, Eikestadnuus, Tygerburger*).

Die profielartikel "Stellenbosch sets course for the future" in die *Sunday Times* het tot verskeie opvolgartikels in ander media gelei – veral oor die kwessie van dekolonisasie. Onder andere het 'n stuk in *Die Burger* verskyn wat ongelukkig die verkeerde indruk gewek het dat planne om tien programme te vernuwe slegs om dekolonisasie draai. 'n Veel meer gebalanseerde artikel het op News24 verskyn.

Die aktuelesakeprogram *Prontuit* op kykNET het 'n volledige program van drie dele aan die Eeufees gewy – kyk hiér daarna: deel 1, deel 2, deel 3. Afgesien van 'n aantal insetsels op RSG gedurende die Woordfees, is daar ook op Cape Talk en SAfm met my onderhoude gevoer, en met prof Hester Klopper op Voice of the Cape.

Die Varsitybeker het nóg 'n klomp blootstellingsgeleenthede gebied. Dat ons die kompetisie in ons Eeufeesjaar gewen het, was natuurlik die kersie op die koek! (Sien *Die Burger* en *Cape Times*.)

Daarbenewens is my Eeufeestoespraak in meningsartikels omskep wat in *Die Burger*, *Beeld*, *Volksblad* en die *Cape Argus* gebruik is.

Die Universiteit het ook kritiek ontvang, soos kritiek in *Die Burger* op die US se benadering tot Afrikaans.

Op 'n ligter noot het die sowat 500 leerders van Hoërskool Stellenbosch, wat vanjaar hulle 50ste verjaardag vier, die Universiteit teen die einde van Maart besoek om die US met sy Eeufees geluk te wens (sien berig in die *Eikestadnuus*). Geskenke is uitgeruil en prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, het die skool se miniatuurkanon afgevuur.

In 'n spesiale projek wat Korporatiewe Kommunikasie en OAB gefasiliteer het, het ek, prof Schoonwinkel en ongeveer 60 ander personeellede, studente en alumni van die US aan die "Argus" deelgeneem om geld vir studiebeurse in te samel (Kaapstad-fietstoer 2018 'n groot sukses vir #Maties100).

## 7.11 Beleid oor sentrums, buro's en institute

'n Taakgroep is aangestel om die US se huidige beleid oor sentrums, buro's en institute (SBI's) te hersien. Hulle opdrag is om riglyne te bied vir die vestiging van entiteite wat met die US se nuwe visie, missie en strategie strook en die Universiteit se strategiese doelwitte sal bevorder.

Die nuwe beleid sal onder meer voorsiening maak vir entiteite oor fakulteitsgrense heen, waaroor die huidige beleid nie duidelike riglyne bevat nie. Die plan is om die Raad se goedkeuring by sy vergadering van 26 September te versoek.

## 7.12 Hersiene proses vir risikoverslagdoening

Risikoverslagdoening is een van vyf kernkomponente van 'n instelling se risikobestuursprogram, saam met risikobepaling, -beoordeling, -bestuur, en -kommunikasie en -konsultasie. Die bestaande risikoverslagdoeningsproses aan die US is in 2011 ontwikkel.

Van 2011 tot 2016 was risikoverslagdoening hoofsaaklik 'n funksie van die verantwoordelikheidsentrum- (VS-)hoofde en die Rektoraat. Die proses is in 2017 hersien en verbeter deur risikoklassifikasie-eienaars as institusionele funksionele kenners in te sluit. Teen die einde van 2017 is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die insluiting van klassifikasie-eienaars 'n tree in die regte rigting is, maar dat die Risikobestuurskomitee (RBK) van 30 lede te groot is om optimaal te funksioneer.

Die Rektoraat het besluit om die **groot RBK te ontbind** en sy bedrywighede by bestaande **VS-bestuursvergaderings** in te bou. Dít beteken dat risikoklassifikasie-eienaars gedurende VS-bestuursvergaderings 'n oorsig en terugvoering aan hulle onderskeie VS-hoofde bied. Ná die VS-vergaderings word die viserektore en die Bedryfshoof dan ingelig, op hoogte gebring en in staat gestel om 'n gesprek oor elk van die risikoklassifikasies te lei by 'n **Rektoraatvergadering** wat vir dié doel as die RBK gekonstitueer word. Hierdie voorgestelde verbetering sal ook 'n geleentheid skep vir VS-hoofde om die akkuraatheid van risikobepaling, die gehalte en geskiktheid van bestaande kontroles, verdere temperingsaksies, tydlyne, vordering en risikoprioriteite te beoordeel.

## 7.13 Vordering met POPI en PAIA

Die Sentrum vir Institusionele Inligting het in April twee opleidings- en bewusmakingsinisiatiewe oor privaatheid bekend gestel. Die eerste is "**POPI-doen-dit-self**", 'n e-posgebaseerde bewusmakingsprogram vir personeellede. Deelnemers ontvang een maal per week 'n e-pos wat 'n element van privaatheidswetgewing in eenvoudige taal verduidelik, gerugsteun deur praktiese voorbeelde en oefeninge. Die program word tans met 'n groep van 20 personeellede getoets. Indien die proef suksesvol blyk te wees, sal die inhoud beskikbaar gestel word vir hergebruik en selfs herverpakking vir 'n groter gehoor.

Tweedens het die Sentrum 'n belanghebbendeontleding oor **privaatheidsopleiding en -bewusmaking** onderneem om te bepaal wie privaatheidsverwante opleiding nodig het en hoe om die beste in daardie behoefte te voorsien. Die Sentrum beoog om in Julie 'n strategie in dié verband aan die Rektoraat voor te lê.

## 7.14 Studente-inligtingstelsel

Die US het in Junie 2017 met 'n proses begin om sy huidige studente-inligtingstelsel (SIS) te vervang. Die drie handelaars op die kortlys sal in Mei en Junie 2018 hulle stelsels aan personeellede van verskillende sentrums en afdelings voorlê. Dít sal verdere besluite oor die **vervanging van die SIS** rig.

## 7.15 Hersiening van die Studenteraad se Grondwet

Die Bestuurder vir Studentebestuur in die US se Afdeling Studentesake het met die Studenteraad (SR) vergader en moontlike wysiging van die SR-grondwet bespreek. Die SR se Beleidsbeampte sal

aan die spits van hierdie proses staan. Behoorlike meganismes sal ingestel word ten opsigte van die struktuur wat hierdie proses sal fasiliteer en daaroor sal toesig hou. Die oogmerk is dat ’n diverse groep studente op sodanige taakspan sal dien. Professionele hulp sal aangebied word indien die studente dit nodig het. Dit is Studentesake se wens dat hierdie proses in dieselfde gees as die herskryf van die Universiteit se Statuut voortgesit word. Die Registrateur sal geraadpleeg word.

## 7.16 Program- en kwalifikasiesamestelling (‘PQM’)

Die Sentrum vir Studente-inligtingstelselondersteuning (SISO) sal verantwoordelik wees vir die vaslegging van die finale PQM-data op die SIS sodra hulle dit elektronies van die Programadvieskomitee (PAK) via die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering ontvang. Die vereiste data-elemente vir suksesvolle implementering sal gedurende 2018 ontwerp en gemodelleer, en die databasis met die nuwer inligting bygewerk word. Die SIS sal die goedgekeurde PQM as data-elemente bevat, en sal dus die hoofbron van program- en moduleaanbiedinge aan die US wees. Die proses sal in oorleg met kernbelanghebbendes geskied. As deel van die ontwerp en voorlegging van nuwe programme en modules sal die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur ook ’n werkvloeiproses voorstel.

## 7.17 BTW-koersverhoging

Die Minister van Finansies het in sy begrotingstoespraak van 22 Februarie aangekondig dat die koers van belasting op toegevoegde waarde (BTW) met ingang van 1 April met 1% tot 15% sal verhoog. Dít het beduidende **finansiële en stelselsimplikasies vir die Universiteit**.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar geen sentrale fonds bestaan om die bykomende koste-implikasies verbonde aan die BTW-koersverhoging te dek nie. Dus moet alle omgewings beplan om die bykomende koste op kort termyn te absorbeer, en dan in die toekoms dienooreenkomstig vir die verhoogde koste begroot. Die impak op die hoofbegroting en toekennings sal as deel van die begrotingsproses in ag geneem word.

Die Afdeling Finansies werk saam met die Afdeling Navorsingsontwikkeling, SUNKOM en Fasiliteitsbestuur om toe te sien dat alle belanghebbendes bewus is van die implikasies van die verhoogde BTW-koers.

Intussen is ek trots om te rapporteer dat twee van ons akademici aangestel is as lede van ’n paneel wat die lys van **BTW-nulkoers-items** sal hersien. Dié lede is **prof Ingrid Woolard**, wat op 1 Mei as die Dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe begin het, en **prof Ada Jansen** van dieselfde fakulteit. Prof Woolard is die voorsitter van die paneel.

Op 29 Mei het die nasionale Tesourie die opdrag vir die onafhanklike ondersoek aangepas. *Business Day* berig dat dit die paneel in staat sal stel om voorstelle te maak wat die fiskale raamwerk vir die 2019-20 finansiële jaar en daarna kan wysig. Die voorstelle van die paneel kan in die 2019 Februarie-begroting in aanmerking geneem word. Die paneel sal ook ’n nulkoers op nievoedselitems kan oorweeg om verligting vir die armes en lae-inkomstehuishouding te bring.

Vanweë hierdie aanpassings en op prof Woolard se versoek is die spertyd vir die finale verslag van die paneel tot 31 Julie 2018 uitgestel.

## 7.18 Intekening op vaktydskrifte

Soos voorheen verslag gedoen is, is die omvattende Wiley-vaktydskrifpakket opnuut in oënskou geneem om binne begrotingsperke te bly. Intekenings vir 2018 is aanvanklik tot 52 Wiley-vaktydskrifte ter waarde van R3,6 miljoen beperk. Danksy **verbeteringe in die wisselkoers** sedert Desember 2017 kon die US egter dié getal later tot 70 tydskrifte teen ’n bykomende R1,2 miljoen verhoog.

## 8. Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek

Die Kampusvernuwingsprojek (KVP) is in Desember 2014 deur die US Raad goedgekeur. Die projek is geïnisieer toe die risiko verhoog het dat baie van die US se fisiese infrastruktuur wanfunksionerend en vervalle geword het weens langtermyngebrek aan instandhouding en as sodanig ʼn risiko vir die volhoubaarheid van die akademiese projek van die US begin inhou het. In September 2017 het die Raad die uitbreiding van die KVP goedgekeur en daarmee die projektydlyn tot 2027 verleng en ʼn bykomende R1,456 miljard aan die inisiatief toegesê. Daarmee is erkenning gegee aan die feit dat die fisiese fasiliteite van die US strategiese bates is, en noodsaaklike instaatstellers van ʼn wêreldklasuniversiteit wat sistemies volhoubaar is.

### 8.1 Ingenieurswesekompleks

**Opknapping van massarioolstelsel:** Hierdie projek beoog om die Fakulteit Ingenieurswese se ou rioolpype te vervang en ʼn nuwe massarioolnetwerk te voorsien. ʼn Kontrakteur is reeds aangestel en ʼn gefaseerde konstruksieproses begin binnekort. Die projek sal stuk vir stuk uitgevoer word om die impak op die Fakulteit se daaglikse bedrywighede te beperk. Die verwagte voltooiingsdatum is Desember 2018.

**Opknappings by parkeerterrein in Joubertstraat:** Opknappings by die bestaande parkeerterrein in Joubertstraat, langs die Meganiese Ingenieurswese-gebou, begin binnekort om nuwe parkeerplek vir personeellede te skep. Die gebied sal omhein word met ʼn hek by die ingang om voltydse sekuriteit te voorsien. ʼn Kontrakteur is reeds aangestel. By die skryf van hierdie verslag sou konstruksie in Mei ʼn aanvang neem en voltooiing word vir November 2018 beplan.

### 8.2 Bellvilleparkkampus

Beplanning vir kampusvernuwingsinisiatiewe ter waarde van R45 miljoen by Bellvillepark het in Januarie 2017 begin. Nadat die projek beoordeel en die kampusvernuwingsbeginsels – onder meer die beginsel van eenmalige okkupasie – toegepas is, is ʼn finale projekbegroting van R105 miljoen egter goedgekeur. Die projek sal in vier fases uitgevoer word om ontwrigting vir kampusgebruikers te beperk. Fases 1 en 2 is tans aan die gang, met ʼn geskatte voltooingsdatum van Februarie 2020.

### 8.3 Jan Mouton Leersentrum

Die projek verloop volgens plan, en geen noemenswaardige vertragings word verwag nie. Fasiliteitsbestuur moniteer en bestuur die kontrakteur streng ingevolge die boukontrak. Massauitgrawings vir die kelderparkeerterrein is voltooi en die heipale en slagmusse word tans geïnstalleer.

### 8.4 Biblioteekopknapping

Die **Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe-biblioteek** op ons Tygerbergkampus het amptelik op 22 Mei heropen nadat dit as deel van die Raadsgoedgekeurde Kampusvernuwingsprojek opgeknap is. ʼn Algehele vernuwing was nodig aangesien die 44 jaar oue fasiliteit verouderd geraak het en nie meer in hedendaagse behoeftes voorsien het nie.

Die biblioteek van 3 000 $m^2$ is nou ʼn ultramoderne fasiliteit met innoverende ruimtes vir samewerkende leer en navorsing, sowel as hipermoderne videokonferensie- en e-klaskamergeriewe. ʼn Geelhoutboom is in ʼn klein binnehof in die middel van die biblioteek geplant, en simboliseer die fasiliteit se kernrol in die kweking van kennis en kreatiewe denke.

Die opknapping strook met internasionale tendense en kontemporêre denke oor die biblioteek se rol in die 21$^{ste}$ eeu, wat eerder oor “verbondenheid” (“connections”) as oor “versamelings” (“collections”) gaan, aldus Jeffrey Schnapp van Harvard. Die verskeidenheid ruimtes in die nuwe biblioteek bring gebruikers op verskillende maniere byeen – wat samewerkende onderrig en leer aanmoedig.

Die herinrigting van die **Bellvilleparkkampus-inligtingsentrum** (USBI) het teen die einde van April begin. Die biblioteek en sy personeellede sal na tydelike ruimtes verskuif en dienste sal ononderbroke voortduur gedurende die bou- en opknappingswerk.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens werk steeds ten nouste saam met Fasiliteitsbestuur en die pas aangestelde argitekte om die volgende fase van die **opknapping van die US Biblioteek** te beplan. Planne sluit in ’n nuwe ingang, uitleen- en sekuriteitsareas, kantore, rekenaarwerkareas vir studente, ’n ruimte vir samewerkende leer, plek vir ’n vinnige koppie koffie sowel as die opknapping van die area buite die ingang. Werk begin later in 2018 en sal na verwagting teen Mei 2019 voltooi wees.

## 9. Slot

Ek wens u alles van die beste toe vir die res van ons Eeufeesjaar. Mag ons ’n konstruktiewe vergadering hê as Raadslede van ’n wêreldklasuniversiteit in en vir Afrika.



**Prof WJS de Villiers**
**Rektor en Visekanselier**

## BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

### Meningsartikels (21 Februarie tot 18 Mei 2018)

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Martin Gustafson | Ekonomie | Joining the dots: why education is key to preserving the planet | The Conversation (20 Feb); Parent24 (21 Feb) |
| Lee-Ann Steenkamp | US Bestuurskool | South Africa's finance minister played the tax cards he had left: wealth and VAT | The Conversation (21 Feb) |
| Prof Johann Kirsten<br><br>Wandile Sihlobo | Buro vir Ekonomiese Ondersoek<br><br>Landbousakekamer | Land seizures are complex, costly and unwise — just ask Zimbabwe | Business Live (23 Feb) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | SA's mortal fear of loving together | Sunday Independent (25 Feb) |
| Prof Thuli Madonsela | Maatskaplike Geregtigheid | Is budget aligned with social justice? | City Press (25 Feb) |
| Prof Pumla Gobodo-Madikizela | Historiese Trauma en Transformasie | Answer our dreams, Mr President | Mail & Guardian (26 Feb) |
| Prof Marius Ungerer | US Bestuurskool | In business, we become what we think: vicious or virtuous | Business Live (26 Feb) |
| Dr Verbra Pfeiffer | Kurrikulumstudie | Being multilingual is a challenge, but also to children's advantage | Cape Times (27 Feb) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | 'A nation with only half a memory' | The Star (28 Feb) |
| Dr Wamuwi Mbao | Engels | No, the award-winning film Inxeba isn't a disrespectful gay sex romp | The Conversation (1 Mrt) |
| Doris Viljoen | *Instituut vir Toekomsnavorsing* | Higher education – a vast and changing future landscape | Business Live (1 Mrt) |
| Eldridge Moses | Ekonomie | Cities of hope and promise for poor | Cape Argus (1 Mrt) |
| James Lotter | Magisterstudent (Politieke Wetenskap) | LGBTQ rights as human rights – the Sisulu factor | Daily Maverick (1 Mrt) |
| Prof Josephine Musango & Paul Currie | Skool vir Publieke Leierskap | Cape Town's plans for what happens after Day Zero just won't work. Here's why | The Conversation (1 Mrt); Times Live (2 Mrt) |
| Dr Taime Sylvester | Molekulêre Biologie en Mensgenetika | World Wildlife Day: silencing the roars of the king | News24 (2 Mrt) |
| Dr Theo Broodryk | Regshulpkliniek (doktoraalgebaseerde artikel: Privaatreg) | Why South Africa needs formal rules for class action lawsuits | The Conversation (2 Mrt); The New Age (14 Mrt); The Star (14 Mrt); Sunday Tribune (18 Mrt) |

| SKRYWER | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johann Kirsten<br><br>Prof Nic Vink | Buro vir Ekonomiese Ondersoek<br><br>Landbou-ekonomie | Die groot geveg oor grond | Rapport (4 Mrt) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | A case of mixing up the profit motive | Business Live (5 Mrt) |
| Dr Nadia Mans-Kemp & prof Suzette Viviers | Ondernemingsbestuur | Diversity makes for a dynamic workplace | Business Day (6 Mrt) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | A male perspective on the plight of women, presumptuous as that may seem | Cape Times (8 Mrt) |
| Prof Juliana Claassens | Ou en Nuwe Testament | Let's honour, support the courageous women | Cape Argus (9 Mrt) |
| Nthabiseng Moleko | US Bestuurskool | Prince Charming does not exist. It's time for SA to save itself | Business Live (12 Mrt) |
| Dr Jason Bantjes | Sielkunde | Prison suicide shock statistics | Daily News (12 Mrt) |
| Alease Brown | PhD-student (Teologie) | Black people beware: don't let Black Panther joy mask Hollywood's racism | The Conversation (13 Mrt); IOL (14 Mrt); Pretoria News (15 Mrt); The Star (15 Mrt) |
| Tshepo Gwatiwa<br><br>Michael Sam | Sentrum vir Militêre Studies<br><br>Nagraadse Skool vir Internasionale en Ontwikkelingstudie (Genève) | How the free movement of people could benefit Africa | The Conversation (14 Mrt) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | When is a school full? | Daily Maverick (15 Mrt) |
| Prof Thuli Madonsela | Maatskaplike Geregtigheid | A land fable | Financial Mail (15 Mrt) |
| Dr Chris Jones | Praktiese Teologie en Missiologie | Criminalising sex work wholly unconstitutional | Cape Argus (16 Mrt) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Afrikaans … in bruin hande: Regtig? | Die Burger (17 Mrt)<br>Deel 1; Deel 2 |
| Tian Alberts | BCom (Regte)-student | Die verdelende wêreld van TransforMaties | Rapport (18 Mrt) |
| Dr Camaren Peter | Skool vir Publieke Leierskap | Holistic education liberates potential | Business Live (23 Mrt) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | Amid a fog of deception, what if Malema is not lying? | Business Live (23 Mrt) |
| Prof Thuli Madonsela | Maatskaplike Geregtigheid | Use Constitution to reach our dreams | News24 (25 Mrt) |
| Prof Desmond Painter | Sielkunde | Rapport is vyandig oor 'TransforMaties' | Rapport (25 Mrt)<br>Deel 1; Deel 2 |
| Martin Butler | US Bestuurskool | Is the Fourth Industrial Revolution nothing more than a technical evolution? | Business Day (26 Mrt) |
| Prof Sandy Liebenberg | Publiekreg | Sacred covenant of human rights in global community | Cape Times (27 Mrt) |
| Prof Stephanus Muller | Musiek | Reflections on the historic recordings of an iconic South African composer | The Conversation (28 Mrt) |
| James Lotter | Magisterstudent (Politieke Wetenskap) | From homonationalism to homopopulism – why are gays voting right? | Daily Maverick (28 Mrt) |
| Prof Wim de Villiers | Rektor en Visekanselier | Maties vier sy eeufees | Die Burger (31 Mrt) |
| Prof Wim de Villiers | Rektor en Visekanselier | SU set on renewing our offering to be relevant | Cape Argus (3 Apr) |

| **SKRYWER** | **VAN (omgewing of afdeling)** | **OPSKRIF** | **PUBLIKASIE (klik vir artikel)** |
|---|---|---|---|
| Jeff Rudin<br><br>Shumi Mudavanhu | Alternative Information & Development Centre (AIDC)<br><br>Volhoubaarheidsinstituut | Renewable energy claims and counterclaims | Daily Maverick (4 Apr) |
| Prof Nuraan Davids<br><br>Prof Yusef Waghid | Opvoedingsbeleidstudie<br><br>Waarnemende Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde | Embrace the ecological university | Mail & Guardian (6 Apr) |
| Martin Butler | US Bestuurskool | The implications of having an industrial revolution in one generation | Fin24 (9 Apr) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Winnie Mandela: 'n enigma | LitNet (10 Apr) |
| Dr Nonso Obikili | Ekonomie | Thinking about aviation infrastructure in Africa | Business Day Online (11 Apr) |
| Prof Thuli Madonsela | Maatskaplike Geregtigheid | Winnie — an inimitable symbol of resilience | Business Live (12 Apr) |
| Dr Harlan Cloete | Skool vir Publieke Leierskap | Skills at root of municipalities' woes | Cape Times (12 Apr) |
| Dr Nic Spaull | Ekonomie | Basic education thrown under the bus — and it shows up in test results | Business Day (16 Apr) |
| Stephen Cousins<br><br>Elzanne Singels<br><br>Dr Tineke Kraaij | PhD-student (Bewaringsekologie)<br><br>Universiteit van Kaapstad<br><br>Nelson Mandela-universiteit | Invasive alien plants in South Africa pose huge risks, but they can be stopped | The Conversation (18 Apr) |
| Prof Nuraan Davids | Opvoedingsbeleidstudie | Teachers feel excluded from South Africa's schools by race and culture | The Conversation (23 Apr) |
| Dr Gera de Villiers | Doktoraal-gebaseerde artikel: Visuele Kunste | Models of two Stellenbosch museums show shortfalls and a way forward | Cape Times (23 Apr) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | White SA: It's the progressive forces vs conservatives | Business Day (24 Apr) |
| Prof Mark Tomlinson, Xanthe Hunt & Marguerite Louw | Sielkunde | A more comprehensive approach to child literacy | Cape Argus (25 Apr) |
| Cobus Jooste | Handelsreg | How will intellectual property rights survive in the digital environment? | Business Live (25 Apr) |
| Dr Chris Jones | Praktiese Teologie en Missiologie | Freedom comes with strings | Daily News (26 Apr) |
| Prof Thuli Madonsela | Maatskaplike Geregtigheid | We must not leave anyone behind | News24 (29 Apr) |
| Sarah Babb | US Bestuurskool-Uitvoerende Ontwikkeling (USB-ED) | Why more women are falling off the corporate glass cliff | Huffington Post (30 Apr) |
| Prof Bob Mash & dr Klaus von Pressentin | Huisartskunde en Primêre Sorg | Family physicians are improving healthcare in South Africa's rural communities | The Conversation (1 Mei) |

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Bernard Wessels | Privaatreg | South Africa should create a fund to compensate victims of crime | The Conversation (1 Mei); News24 (2 Mei); The New Age (3 Mei); Mercury (3 Mei) |
| Prof Yusef Waghid<br><br>Dr Faiq Waghid<br><br>Dr Zayd Waghid | Waarnemende Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde<br><br>Sentrum vir Leertegnologieë<br><br>*Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie* | What happens when you put African philosophies at the centre of learning | The Conversation (2 Mei) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Die stryd moet voortduur | Die Burger (3 Mei) |
| Dr Mike Lamont | Ondernemingsbestuur | New order in the government bond market is now 20 years old | Business Day (3 Mei) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | South Africa must look to history to level the playing field for school kids | The Conversation (3 Mei); Weekend Argus (6 Mei); The New Age (7 Mei) |
| Gawie Cillié | US Bestuurskool | South African labour-employer relations worst in the world | Daily News (4 Mei); IOL (7 Mei) |
| Prof Ian Liebenberg | Sentrum vir Militêre Studie | Tussen vryheid en massamoord in Hornkranz-skadu | Beeld (5 Mei) |
| Dr Gustav Hendrich | Geskiedenis | Terrible toll of the end of 1918 | Cape Argus (8 Mei) |
| Dr Marina Joubert | Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) | Platform for critical, credible science news and views | The Star (8 Mei) |
| Mercy Kannemeyer | Magisterstudent (Drama en Teaterstudie) | ’n Blik op die toekomswaarde van Afrikaans | LitNet (8 Mei) |
| Dr Morné Mostert | Instituut vir Toekomsnavorsing | Why academic freedom is essential for business success | Fin24 (9 Mei) |
| Heilet Bertrand | Instituut vir Toekomsnavorsing | Technology – what lies beyond the horizon? | Eikestadnuus (10 Mei) |
| Dr Dieter von Fintel | Ekonomie | Purse strings and power: Sassa cards’ surprise benefits empower women | Business Day (14 Mei) |

## Rubrieke (21 Februarie tot 18 Mei 2018)

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Faadiel Essop | Fisiologiese Wetenskappe | Slut lists, social media and the 10-second rule | Paarl Post (12 Apr) |
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Do consultants add value? | Finweek (1 Mrt) |
| | | A moment to remake South Africa | Finweek (15 Mrt) |
| | | Prioritiseer dit wat vir jou welvaart skep | Rapport (18 Mrt) |
| | | When well-intentioned laws have bad consequences | Finweek (29 Mrt) |
| | | No better time to be alive | Finweek (12 Apr) |
| | | Land: Learning from the Chinese | Fin24 (19 Apr) |
| | | Is this the solution to poverty? | Finweek (10 Mei) |

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Moet ons Steve se idees verdra? | Netwerk24 (27 Feb) |
| | | ʼn Ope brief aan Cyril Ramaphosa | Die Burger (13 Mrt) |
| | | Moenie die EFF só versterk nie | Die Burger (27 Mrt) |
| | | Is dit debat of agendas opdis? | Die Burger (10 Apr) |
| | | As jou kultuur ʼn verskoning word | Die Burger (24 Apr) |
| | | Vir vroue is dit hel om só te leef | Die Burger (8 Mei) |
| Jan Greyling | Landbou-ekonomie | Hef in eie hand | Landbouweekblad (4 Mei) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Dear President Ramaphosa … we need more action on education | Times Live (22 Feb) |
| | | The monsters of race still lurk in our shadows every day | Times Live (1 Mrt) |
| | | A good dose of humility from white people will advance the land debate | Times Live (15 Mrt) |
| | | Winnie and Vicki: They both tell the South African story | Times Live (5 Apr) |
| | | Answer honestly: Would you keep your child in a black-majority school? | Times Live (10 Mei) |
| | | Degrees of deceit: SA's professors of academic fraud | Times Live (17 Mei) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | ʼn Gebed vir ons president en sy ministers | Die Burger (21 Feb) |
| | | Ongelykheid vervreem ons van mekaar | Die Burger (14 Mrt) |
| | | Ons Handves van Regte word nog só bedreig | Die Burger (21 Mrt) |
| | | Monddood is nie ʼn bousteen vir demokrasie | Die Burger (11 Apr) |
| | | Demokrasie vir talle nog net ʼn hersenskim | Die Burger (18 Apr) |
| | | Paar lesse uit die lewe van ʼn swart teoloog | Die Burger (9 Mei) |
| | | Geloof vra nie intellektuele selfmoord nie | Die Burger (16 Mei) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Om deel van ʼn gemeenskap te wees | Netwerk24 (8 Mrt) |
| | | Verweefde stories wys ons het baie in gemeen | Netwerk24 (29 Mrt) |
| | | Hoekom fassineer Winnie se storie(s) ons so? | Netwerk24 (19 Apr) |
| | | Wat het van die reënboognasie geword? | Netwerk24 (27 Apr) |